




# Tydskrif vir Hervormde Teologie

Jaargang 5 Nommer 1

Januarie 2017





**Redaksie**

Dr Wim Dreyer (voorsitter)  
Prof Natie van Wyk (redakteur)  
Oudl Faan Beeslaar  
Prof Jaco Beyers  
Dr Elritia le Roux  
Oudl Tom Moodie  
Dr André Ungerer  
Dr Johan van Staden  
Dr Thinus van Staden  
Dr Gafie van Wyk  
Dr Tanya van Wyk

Die redaksie word driejaarliks na afloop van die Algemene Kerkvergadering saamgestel.

**Uitgewer**

Die tydskrif word uitgegee in opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

**Bedoeling**

Die tydskrif bevorder teologiebeoefening in die Kerk deur aan ampsdraers en lidmate die geleentheid te bied om artikels van 'n populêr-wetenskaplike aard te publiseer. Die artikels van hierdie tydskrif is algemeen toeganklik, maar berus op wetenskaplike navorsing.

**Tipe publikasie**

Die tydskrif word elektronies aan belangstellendes gestuur.  
Die tydskrif is ook beskikbaar op die Kerk se webblad [www.nhka.org](http://www.nhka.org).

**Uitleg**

Mev Francis Nel

**Aanvanklike taalversorging**

Mev Tessa Oppermann

**Medewerker**

Prof Natie van Wyk – Koördineerder Ekumeniese Skakeling

**Korrespondensie**

Prof Natie van Wyk  
[hto@mweb.co.za](mailto:hto@mweb.co.za)



### **Voorblad**

Jesus en die storm (Mark 6: 45-51) deur James Ensor (1906)

Simboliek: Hierdie “storm van kleur” is ’n heenwysing na die gekruisigde en opgewekte Heer Jesus Christus, ons hoop te midde van die golwe van die lewe.

### **Liturgiese kleur**

Die buiteblad van Jaargang 5 is in rooi – die liturgiese kleur vir die Reformasie. Dieselfde kleur word vir Pinkster gebruik. Die simboliek dui dus op die nuwe lewe wat die Gees deur die Woord bring.



## Inhoudsopgawe

1	<i>Redaksioneel:</i>	Prof Natie van Wyk	iv
2	<i>Artikels:</i>	Die 95 stellings oor die aflaat (November/Desember 2015)	1
		Feit en fiksie oor die kerkdeur(e) van Wittenberg (Nie voorheen gepubliseer)	4
		God word vlees: Die misterie van Jesus van Nasaret (Februarie 2016)	7
		Die lyding van Jesus Christus (Maart 2016)	10
		Die teenwoordige betekenis van die opwekking van Jesus Christus (April 2016)	13
		Wat ons in die Evangelies moet seek en verwag (Mei 2016)	17
		Die lees van die Bybel en teologiebeoefening (Junie 2016)	20
		Die doen van groot en baie dinge (Julie 2016)	23
		Oor die vryheid van 'n Christenmens (Augustus 2016)	26
		Die verborge en die geopenbaarde God (September 2016)	29
		Die regverdiging deur die geloof alleen (Oktober 2016)	33
		Vorbereiding op die dood (November/Desember 2016)	36
		Martin Luther en die derde artikel van die heiliging (Nie voorheen gepubliseer)	39
		Literatuurlys	42

## Redaksioneel

500 jaar Reformasie! Die *Tydskrif vir Hervormde Teologie* neem met graagte deel aan die feesvieringe. Al die uitgawes van 2017 word aan die herdenking van die Reformasie gewy.

Hierdie eerste uitgawe bestaan uit artikels wat Natie van Wyk gedurende 2016 vir die gesinstydskrif *Konteks* geskryf het. Martin Luther se geskifte word in hierdie artikels, aan die hand van primêre geskifte, toeganklik, aan die Afrikaanse leserspubliek bekendgestel. Die swakheid van Afrikaanse teologie is dat daar in die verlede selde uit Luther se primêre geskifte gewerk is. Ons hoop dat die herdenking van die Reformasie 'n kentering in hierdie opsig teweeg sal bring.

Hierdie kort artikels poog om aan die leser 'n idee te gee van hoe Luther gedink en geargumenteer het. Alle skuinsgedrukte woorde en aanhalings dui aan dat ons met Luther se eie woorde te make het.

Reformasie 500 word in 'n groot mate as 'n Luther-fees benader. Die meeste Afrikaanssprekendes weet egter bitter min van Luther af. Ons vertrou dat hierdie artikels 'n bydrae sal lewer om 'n belangstelling in Luther se geskifte aan te wakker.

Naas die artikels wat reeds in *Konteks* verskyn het, word twee nuwe artikels aangebied. Een handel oor die vraag of die gebeure van 31 Oktober 1517 nie blote fiksie is nie. Die ander een handel oor die eksistensiële waarde van Luther se teologie vir 'n kerkgemeenskap wat onsekerheid ervaar oor die toekoms.



## Martin Luther (1483–1546) en sy geskrifte



Prof Natie van Wyk

## Martin Luther (1483-1546) en sy geskrifte

### Die 95 stellings oor die aflaat

Daar word gereeld in kerklike literatuur verwys na die “die 95 stellings oor die aflaat” wat Martin Luther op 31 Oktober 1517 teen die deur van die “kasteelkerk” in Wittenberg sou vasspyker. Die oorspronklike geskrif in Luther se handskrif is verlore. Wat ons wel het, is ’n Latynse teks wat in 1517 deur Hieronymus Hölzel in Nürnberg gepubliseer is – wat ons vermoed ná aan die oorspronklike moet wees. Die volledige titel lui: *Disputasie ter opheldering van die krag van die aflate / Disputatio pro declaratione virtutis indulgentiarum*. Om feit van fiksie te onderskei, moet gewet word wat in die aanhef van hierdie 95 stellings staan. Daar staan geskryf:

*Uit liefde tot die waarheid en in verlange om dit te verhelder, moet die volgende stellings in Wittenberg krities gedebatteer word onder die voorsitterskap van die eerwaarde Vader Martin Luther, Magister in die Vrye Kunste en die Heilige Teologie, daár ook volle professor in die teologie. Om hierdie rede versoek hy diegene wat nie teenwoordig kan wees nie om met ons mondelings debat te voer nie, om dit skriftelik te doen. In die Naam van onse Heer Jesus Christus. Amen.*

Die oorspronklike bedoeling was dus om ’n kritiese openbare debat oor die aflate te voer onder voorsitterskap van die professor in teologie. Die gedagte was dus nie om met ’n magsvertoning ’n verklaring uit te reik waarin die gesagsfigure aangekla en veroordeel word nie. Luther was in 1517 nie ’n kerklike gesagsfiguur nie (hy was enkele jare tevore wel iets soos ’n “ringsvoorsitter”). Hy was vanaf 1508 ’n dosent in moraalfilosofie en sedert 1512 professor in teologie wat krities na die kerklike praktyk gekyk het, en die publiek uitgenooi het om saam met hom dinge wat duidelik verkeerd was, te debatteer.

Om hierdie teks histories te begryp, moet onthou word dat dit oorspronklik op 31 Oktober 1517 ’n aanhangsel was tot ’n brief aan die Biskop van Magdeburg en Mainz, wat ook die administrateur van die bisdom Halberstadt was, Kardinaal Albrecht von Brandenburg, wie se tuiste sedert 1514 tot en met 1541 in Halle was – nie te ver van Wittenberg af nie. In die brief kla hy teenoor sy kerklike opsigter oor die verkeerdheid van die aflate en veral die verkeerde geloof wat daarmee gepaard gaan. Wat van groot historiese belang is, is dat hierdie “beswaarskrif” as “Martin Luther” onderteken is. Die vraag is, hoekom? Omdat hy op 10 November 1483 as Martin Luder gebore





is. Hy het self besluit om vanaf 31 Oktober 1517 as “Vader Martinus Eleutherius Luther” bekend te staan. Naas die Latynse spelling van sy van, het hy sy naam met Eleutherius (vryheid) uitgebrei. Met hierdie naam wou hy aan almal sê dat hy ’n nuwe mens is – ’n mens met ’n nuutgevonde evangeliese vryheid. Van hierdie datum af wou hy (wat nog steeds ’n priester was) bekendstaan as ’n “verteenwoordiger van die vryheid van die evangelie”. Hy het danksy sy nuwe insigte in die evangelie beseft dat hy nie meer ’n gevangene is van die dwang om goeie werke te doen nie. Hierdie goeie werke het onder andere die koop van aflate (tasbare bewyse van sondevergewing) ingesluit. Die geld wat op hierdie wyse ingesamel is, was bestem vir die bou van die Vatikaan in Rome (soos dit vandag bekendstaan). Met ander woorde: Luther het tot die insig gekom dat Christene nie afgepers kan word om finansiëel by te dra tot die bou van ’n reuse kerklike kompleks, met die onsinnige belofte dat hierdie bydrae vir hulle vergewing van sondes kon koop nie. Om hierdie rede het hy homself as ’n bevryde mens beskou.

Die boodskap van hierdie stellings het die Duitse bevolking egter nie bereik vanweë die Latynse teks en die uitleg daarvan vroeg in 1518 (bekend as die brief aan sy bievader Johannes von Staupitz, *Verduidelikings van die stellings oor die krag van die aflate / Resolutiones de indulgentiarum virtute*) nie. Hulle het die inhoud geleer danksy die Duitse *Preek oor die aflaat en genade / Sermon von Ablass und Gnade*. Van hierdie “preek” (’n traktaat in die vorm van ’n klein boekie) het daar 15 uitgawes in 1518 verskyn. Hierdie boekie het Luther as skrywer bekend en beroemd gemaak, en nie die stellings self nie. Daar word vandag in die navorsing getwyfel of die 95 stellings op 31 Oktober 1517 wel, en alleen, teen die kerkdeur van die “kasteelkerk” vasgespyker is? Hieroor handel die volgende artikel.

### **Die inhoud van die 95 stellings**

Die volgende seleksie uit die 95 stellings kan vir ons steeds vandag van waarde wees:

1. *As die heer en meester Jesus Christus sê Bekeer julle (doen boete), aangesien die koninkryk naby gekom het, wil Hy dat die mens hom in sy geheel bekeer.*
2. *Hierdie woord moet nie tot die sakrament van bekering (boetedoening) beperk word nie – met ander woorde, tot die bekering wat met bieë en vergewing (genoegdoening) te make het, en wat deur die amp en diens van die priester voltrek word nie.*
5. *Die pous wil en kan nie mense van straf vryspreek, buiten dié wat volgens sy eie of kerklike oordeel opgelê moet word vir oortredings van kerklike wette nie.*
6. *Die pous kan nie bepaalde skulde vergewe nie; hy kan slegs verklaar en bevestig dat dit deur God gedoen sal word...*





10. *Dom en booswillig is die priesters wat sterwende mense op grond van hul kerkregtelike tugbevoegdhe met die vaevuur dreig.*
21. *Die aflaatpredikers dwaal wanneer hulle beweer dat mense deur die aflate van die pous van straf verlos en gered kan word.*
26. *Die pous sal goed doen deur nie op grond van sy [aardse] tugbevoegdheid oor gestorwenes te wil beskik nie, maar om eerder net vir hulle voorbidding te wil doen.*
27. *Diegene wat preek dat die siele uit die vaevuur bevry word sodra die munte klinkend in die koffer val, lieg en bedrieg.*
37. *Elke ware Christen, lewend of gestorwe, het op grond van God se geskenk deel aan die weldade van Christus en die kerk, sonder 'n aflaatbrief.*
43. *Hieroor moet Christene onderrig word: Om vir 'n arm mens te gee en aan 'n behoeftige te leen, is beter as om 'n aflaat te koop.*
45. *Hieroor moet Christene onderrig word: Wie van 'n behoeftige wegkyk en aflate koop, kom nie binne die werkingsveld van die pouslike aflaat nie, maar kom te staan voor God se toorn.*
46. *Hieroor moet Christene onderrig word: Wie nou nie juis in oorvloed lewe nie, is juis verplig om na sy huisgesin om te sien. Niemand mag sy [gesinslewe] vernietig ter wille van aflate nie.*

Met sy 95 stellings wou Martin Luther minstens die volgende duidelik maak:

- 'n Mens kan jou verlossing nie koop nie. Jy kan dit nie koop deur groot bedrae geld vir die kerk te gee nie. Verlossing kom deur God se genade, en dit moet geglo word.
- Beskikbare geld moet aangewend word om goed te doen aan minderbevoorregtes.
- Geld moet oordeelkundig aangewend word. Veral diegene wat dit nie breed het nie, moet nie ondeurdag geld uitdeel nie.



## Martin Luther (1483-1546) en sy geskrifte

### Feit en fiksie oor die kerkdeur(e) van Wittenberg

In die vorige artikel is gesuggereer dat die “vasspyker van die 95 stellings teen die kerkdeur van die kasteelkerk in Wittenberg” moontlik fiksie kan wees. Sou hierdie vermoede bevestig kon word, het dit groot implikasies vir die feesviering van 2017. Die Duitse kerkhistorici wat toegang het tot die argiewe in plekke soos Wittenberg, Mainz en Halle, het vanselfsprekend gedurende die laaste twee jaar weer intensiewe navorsing gedoen oor hierdie “verleentheid”. Ek deel graag die bevindings van twee leidinggewende navorsers, te wete Volker Leppin (Tübingen) en Armin Kohnle (Leipzig). Eers iets oor die herkoms van die debat.

#### Rooms-Katolieke navorsing

Vir meer as 400 jaar is 31 Oktober 1517 as die geboortedag van die Reformasie beskou. Hierdie datum is deel van die liturgiese kalender van elke Protestantse kerk, en elke katkisant en belangstellende in die geskiedenis aanvaar die kanonisiteit van hierdie datum. Luther self het sedert 1527, en die Lutherdom sedert 1617, hierdie datum as die geboortedatum van die Reformasie beskou. Die belangrike bron waarop gesteun word, is Philipp Melanchthon se biografie van Martin Luther. In hierdie biografie staan die volgende beroemde woorde:

*Luther, brandend van vroom ywer, het die stellings oor die aflaat uitgegee, wat in die eerste band van sy werke gevind kan word. En hierdie [stellings] het hy openlik aan die kerk, aangrensend aan die Wittenberg-kasteel, op die dag vóór die fees van die heiliges 1517, vasgenael.*

In 1961 bars ’n bom toe die Rooms-Katolieke teoloog Erwin Iserloh in ’n voordrag in Mainz beweer het dat die gebeure van 31 Oktober 1517 nie ’n histories-bewysbare feit is nie. Die voordrag word in 1962 gepubliseer onder die titel *Luther se aanbring van die stellings: Feit of legende?* Sy argumente kan in die volgende punte saamgevat word:

- Hy wys daarop dat Luther self, in briefwisseling, daarop gewys het dat hy hierdie stellings eers aan sy kerklike opsigthouer (die biskop van Magdeburg en Mainz, kardinaal Albrecht von Brandenburg) gestuur het met die versoek dat daarvoor openlik debat gevoer





(gedisputeer) moet word. Dit is dus onwaarskynlik dat hy, voordat die opsigthouer (die biskop) daarop kon reageer, die stellings openbaar sou maak.

- Hy argumenteer dat Melanchthon se berig eers ná Luther se dood geskryf is, en daarom op die legende moes steun. Melanchthon self was nie 'n ooggetuie nie, aangesien hy eers in 1518 na Wittenberg gekom het.

### **Nuwe Protestantse navorsing**

Nog nooit is 'n kerklik-teologiese aangeleentheid só driftig in akademiese, kerklike en sekulêre kringe bespreek nie. Uiteindelik het die media iets gehad wat hulle tot en met 1970 besig gehou het. Weens gebrekkige bronnavorsing kon die saak nie in daardie tyd besleg word nie. Die 500-jarige herdenking het navorsers egter gedwing om deegliker in agtiewe te gaan rondkrap, op soek na histories-betroubare inligting.

In 2006 word toe 'n nota (waarskynlik uit die jaar 1542) in die Universiteitsbiblioteek van Jena ontdek wat die debat 'n entjie verder kon neem. Hierdie nota is van die diaken Georg Rörer (1492-1557), wat Luther se preke op skrif gestel het. Die nota was versteek in 'n Luther-Bybel wat in 1540 in Wittenberg gedruk is. Die nota lees:

*Die aand vóór die fees van die heiliges, in die jaar van ons Heer 1517, het doktor Martin Luther die stellings oor die aflaat teen die deure van die kerke in Wittenberg vasgespyker.*

Rörer bevestig so die datum en die feit van die vasspyker van die stellings – en wel onafhanklik van Melanchthon. Wat nuut is, is sy verwysing na al die kerke van Wittenberg. Dít blyk ook nader aan die waarheid te wees. Op grond van nuwe argiefnavorsing weet ons ook vandag dat die Statute van die Universiteit van Wittenberg bepaal het dat die faktotum (ook genoem die huismeester of *Pedell*) die opdrag gehad het om inligting oor feesdae, disputasies en promosies aan die kerkdeure en die universiteitsgebou vas te spyker, sodat die hele dorp daarvan kennis kon neem. Hy het dus gereeld kennisgewings aan die deure vasgespyker. Die implikasie is dat daar 'n klein oplaag van die oorspronklike teks gedruk moes wees, wat die faktotum oraloor kon vasspyker. 'n Afskrif van hierdie oorteks is tot op hede nog nie gevind nie.

Wat egter onthou moet word, is dat hierdie uitnodiging van Luther nie met 'n normale disputasie te make gehad het nie. Ons het hier te make met 'n *buitengewone disputasie* – 'n disputasie wat die Rooms-Katolieke skolastiek en die kerklike leerbeslissings krities uitgedaag het.





Leppin was in sy Luther-biografie (2010) nog heel skepties oor die historiese betroubaarheid van hierdie legende. In sy jongste boek (2016) gee hy toe dat die legende tog 'n historiese basis het, en dat alles nie as fiksie afgemaak kan word nie. Sy blywende skeptisisme het te make met Luther se eie woorde in Mei 1518. In 'n brief aan Johannes Staupitz skryf hy die volgende oor die 95 stellings van 1517:

*Ek, egter, het gebrand om ywer vir Christus se onthalwe, só het dit geblyk, óf as 'n mens dan wil, op grond van jeugdige voortvarendheid. Ek was egter van mening dat dit nie my opdrag was om in hierdie dinge bevindinge te maak of iets te doen nie. Nogtans het ek privaat enkele kerkvorste vermaan ... Uiteindelik, toe ek niks bereik het nie, het die aangewese ding geblyk om hulle [die verteenwoordigers van die aflat] heel sag te weerspreek, dit beteken om hulle leer in twyfel te trek en met hulle te disputeer. Om hierdie rede het ek disputasie-uitnodigings uitgedeel, en wel slegs geleerdes uitgenooi om met my te kom debatteer.*

Op grond van hierdie woorde lyk 'n openbare vertoning nie na 'n waarskynlikheid nie. Wat seker is, is dat Luther vanaf 31 Oktober 1517 in 'n oorlog gewikkel was teen die aflatstelsel. Maar hierdie oorlog het uit akademiese debatvoering bestaan (aanvanklik slegs met diegene uit sy eie bekende vriendekring). Leppin wys dan tog nog daarop dat die teks met die 95 stellings baie vinnig regdeur Duitsland versprei is. Hy verwys na die uitspraak van Adolf von Anhalt, die biskop van Mersenburg, wat in 'n brief daarop wys dat teen einde November 1517, hierdie stellings in tientalle stede en dorpe teen kerkdeure vasgespyker is. Waarom sou 31 Oktober 1517 dan blote fiksie wees?

Volgens Kohnle is dit om't ewe of Luther of die faktotum die 95 stellings teen die deure vasgespyker het. Dit blyk dat dit wel sou gebeur het. Die feit dat Luther Kardinaal Albrecht ingelig en uitgenooi het, beteken nie dat hy die publiek nie ook sou kon uitnoui nie. Luther het geweet dat die disputasie van 1517 enorme konsekwensies sou hê, en daarom sou hy soveel lidmate van die kerk moontlik by hierdie debat wou betrek. Die kans is dus skraal dat ons hier met blote fiksie te make het. Die feite is egter 'n bietjie meer gekompliseerd as wat die legende te kenne wil gee.

Ons kan dus aanvaar, alhoewel nie met absolute historiese sekerheid nie, dat Luther en/of die faktotum van die Universiteit die 95 stellings op 31 Oktober 1517 teen die kerkdeure van Wittenberg vasgespyker het.



## Martin Luther (1483-1546) en sy geskrifte

### God word vlees: Die misterie van Jesus van Nasaret

Kersfees het ten diepste met die menswording van God te make, terwyl ons in die Epifanietyd die misterie van die teenwoordigheid van Jesus van Nasaret vier. Sowel Kersfees as Epifanie is onbegryplik vir die denkende mens. Volgens die oordeel van die menslike verstand is dit vreemd dat God mens sou wou word en dat 'n persoon wat eeue gelede gelewe het, vandag in ons midde teenwoordig kan wees. Die menswording van God en die tweenatureleer is dinge wat nie met redelike argumente oortuigend vir redelike mense aangebied kan word nie. Hierdie temas val binne die sfeer van die geloof en moet nie as algemene wetenswaardighede aangebied word nie. Martin Luther het twee kort geskriffies opgestel waarin hy verduidelik het hoe daar met hierdie twee temas omgegaan moet word.

#### Die menswording van Christus

Die geloof dat die Woord vlees, dat God in Jesus van Nasaret mens geword het, is die fondament van die Christelike teologie. Luther het hierdie belydenis 'n heel besondere klem gegee. Waar hy ook al van die evangelie en van die verlossing gepraat het, praat hy daarvan dat God in Christus *vir ons* mens geword het. Alreeds in 1522 skryf hy in 'n klein boekie getiteld *'n Kort onderrig wat 'n mens in die Evangelies moet soek en kan verwag / Ein kleiner Unterricht, was man in den Evangelien suchen und erwarten soll*, dat 'n mens dik boeke oor die lewe en werk van Christus kan skryf. Die baie woorde wat geskryf kan word, kan egter, kort, soos volg, saamgevat word: ... *kernagtig is die evangelie 'n vertelling van Christus, dat Hy God se Seun en mens is, en dat Hy vir ons gekom, gesterf en opgestaan het en Heer oor alle dinge gemaak is.*

Hierdie grondmotief het hy op 11 Januarie 1539 in een van sy kwartaallikse disputasies (strydgesprekke) verder gevoer. Hierdie disputasie is opgeteken in die vorm van 42 stellings en dra die titel *Die Woord het vlees geword / Verbum caro factum est*. Één eksemplaar van hierdie geskrif is gelukkig onlangs in die biblioteek van die Universiteit van Kiel ontdek. Die hele bedoeling van hierdie disputasie is om aan te toon dat die belydenis van die menswording van God 'n

saak van die geloof is en dat dit buite die besprekingsterrein van die filosofie behoort te val.

Luther neem sy vertrekpunt by die algemene gedagte dat alle waarhede met *die* ware in ooreenstemming is. Die probleem is egter dat dit nie waar is ten opsigte van die verskillende wetenskaplike dissiplines nie. Stelling 2 lui: *In die teologie is dit waar: Die Woord het vlees geword. In die filosofie is dit eenvoudig onmoontlik en absurd.* Om hierdie rede val Luther die Rooms-Katolieke Skolastiek aan wat geleer het dat teologie uitmond in algemene filosofiese waarhede. Stelling 4 lui: *Die Sorbonne [in Parys], die moeder van alle dwalings, was algeheel verkeerd deur te beweer dat dieselfde dinge wat in die filosofie waar is, ook in die teologie waar is.* Dan verder in die 6de stelling: *Met hierdie afskuwelike stelling het hulle geleer dat die artikels van die geloof onder die oordeel van die menslike rede gevange gehou moet word.* Luther wil dit duidelik maak dat wat filosofies waar is, nie noodwendig teologies waar is nie en omgekeerd. Stelling 15 lui: *Weliswaar versteur die teologie die reëls van die filosofie, maar die filosofie deurbreek ook die reëls van die teologie.* Stellings 16 tot 26 handel oor die moeilike saak van die sillogismes (die waarheid van stellings) wat hier gelaat word.

Die 27ste stelling is weer belangrik: *'n Mens moet by die artikels van die geloof tot 'n ander dialektiek en 'n ander filosofie oorskakel; dit word die Woord van God en geloof genoem.* Volgens Luther is hierdie oorskakeling nie 'n intellektuele probleem nie, aangesien begryp moet word dat die waarheid nie oral dieselfde is en lyk nie (stelling 29). Die feit dat ons belydenis beweer dat die Woord vlees geword het, en dat dit nie 'n algemene filosofiese waarheid is nie, beteken nog nie dat dit nie vir ons as gelowiges waar kan wees nie. Selfs in sekere filosofiese dissiplines word met waarhede gewerk wat nie deur die ander dissiplines aanvaar word nie. Volgens stellings 36 tot 42 het ons die volste reg om belydenisuitsprake te maak, wetende dat die filosofie dit nie as ware uitsprake sal erken nie, maar ook wel wetende dat dit vir die geloof en die teologie waar is, en dat hierdie waarheid ook met reg op waarheid aanspraak kan maak. Ek haal die laaste stelling aan: *Die artikels van die geloof moet vanuit die geloof verstaan word, en nie vanuit die verstand van die filosofie nie. Dán sal 'n mens verstaan wat die woorde beteken: Die Woord het vlees geword.*

### **Die twee nature van Christus**

Op 28 Februarie 1540 het Luther die misterie van die twee nature van Christus krities gedebatteer. Hierdie disputasie is vir ons oorgelewer in die vorm van 64 stellings onder die titel *Oor die Godheid en mensheid van Christus / De divinitate et humanitate Christi*. Hierdie stellings is gerig teen Caspar von Schwenckfelds (1489-1561) se Christosofiese leerstellings (sy filosofiese besinning oor die Christologie) soos opgeneem in sy traktaat *Oor die menswording van Christus* wat in



1538 gepubliseer is. Die Uitvoerende Raad van die Smalkaldiese Bond het onder voorsitterskap van Philipp Melanchthon in Maart 1540 sy leerstellings amptelik as leerdwalings verwerp.

Luther begin sy geskrif by dit wat Christene oor Jesus Christus glo: *Die algemeen-Christelike geloof is dat ons die een Heer Christus as ware God en [ware] mens bely. Uit hierdie waarheid van die dubbele substansie en die eenheid van die persoon volg die sogenaamde wedersydse deelname van die eienskappe (communicatio idiomatum).* Hierdie belydenis vind dus sy uitdrukking in moeilike tegniese taal. 'n Groot aantal van die stellings wat volg, word gewy aan die probleem van taal. Luther wys daarop dat op grond van taalfilosofiese beginsels, hierdie belydenis dwaasheid en onsin is. Hy kan verstaan dat kritiese denkers nie weet wat om met hierdie uitsprake te maak nie. In die 20ste stelling kom hy dan met die sleutel tot die verstaan van hierdie misterie na vore: *Dit is tog duidelik dat alle woorde by Christus 'n nuwe betekenis aanneem, wanneer algemene woorde gebruik word vir hierdie saak.*

Luther sê in stelling 23 dat die woorde oor die persoon en werk van Jesus *totaal nuwe woorde* is – dit is ander, nuwe uitsprake oor hierdie spesifieke mens. Aangesien ons woorde moet gebruik wat algemeen-menslik verstaanbaar moet wees, beteken dit nie dat die saak waaroor dit handel 'n algemeen-menslike saak is nie. Die dinge rakende Jesus Christus is uniek en is daarom nie algemene uitsprake oor net nog 'n gewone mens nie. Luther wys in stelling 61 daarop dat dit vir die teologie nie oor die grammatika van die woorde gaan nie, maar die bedoeling van die Heilige Gees. Die bedoeling van die Gees is tog duidelik: Dit handel oor 'n vreemde, nuwe waarheid, 'n waarheid wat ons menslike verstandvermoë oorstyf, maar nogtans, en juis daarom, ook waarheid is.

Volgens stelling 63 lê dit binne die lis en die boosheid van die duiwel om mense te laat twyfel oor die waarheid agter die geskrewe woord. Die taak van die teologie is om hierdie boosheid teen te staan – of soos hy afsluit met die 64ste stelling: *Die bedoeling om te beweer dat iemand 'n ketter is, het daarmee te make dat hy die inhoud van die Bybel anders uitleê as wat die Heilige Gees verwag.*

### **Die apologetiese waarde van Luther se teologie**

Die Christelike geloof word vandag daagliks deur elke Jan Rap en sy maat belaglik gemaak. Die belydenis van Christus se menswording word graag aangeval. Luther se argumente kan help om 'n respekvolle debat met die kritici van die Christelike geloof te voer.

## Martin Luther (1483-1546) en sy geskrifte

### Die lyding van Jesus Christus

Luther het gedurende die Lydenstyd van 1519 'n "preek" (*Sermon*) oor die lyding van Christus gepubliseer. Hierdie "preek" is egter veel meer as 'n preek soos wat ons dit vandag ken. Die inhoud is wel aanvanklik gebruik vir 'n gewone preek binne gemeenteverband, maar dit is uitgebrei en omskep tot 'n kort artikel van agt bladsye. 2 000 van Luther se preke het behoue gebly, maar hy het dit nie self neergeskryf nie. Die diaken Georg Rörer het Luther se preke na afloop van eredienste uitgeskryf met gebruikmaking van Luther se notas. Talle korter geskriffies word wel "preke" genoem, om aan te dui dat die inhoud van die "boekies" of "traktate" vanuit preke ontwikkel het. Die inhoud van hierdie "preek" kon dus wel deur ander predikante gebruik word vir 'n gemeentelike preek, maar dit sou vrugbaarder gebruik kon word vir 'n Bybelstudie of 'n "gemeenteblyd". Vanselfsprekend is die inhoud van hierdie "preke" deur studente in die teologie en kerklike vergaderings bespreek, aangesien dit eerder teologiese literatuur was.

#### Luther se verstaan van Christus se lyding

Die "preek" onder bespreking dra die titel *'n Preek oor die verstaan van die heilige lyding van Christus / Ein Sermon van der Betrachtung des heiligen Leidens Christi*. Hierdie geskriffie het 24 drukke beleef gedurende Luther se leeftyd. In die teks behandel Luther 'n tipiese vroomheidstema van sy tyd, naamlik die verinnerliking van die lyding van Christus. Sy bedoeling was om hierdie vraagstuk, as een van die sleutelvraagstukke van sy tyd, met 'n nuwe benadering te verhelder. Luther se kritiek op die Middeleeuse benadering was gerig teen die veruiterliking van die vroomheidspraktyk. Die blote nakoming van vroomheidsrituele soos vas en gebed maak 'n mens nog glad nie welgevallig vir God nie. Die regte innerlike toe-eiening van Christus se lyding is belangrik. Christus se lyding kan alleenlik dan reg toegeëien word, wanneer ons ons eie sonde en verlorenheid erken. Slegs vanuit die perspektief van ons verlorenheid kan ons die diepte van God se liefde in Christus se lyding ontdek. Hierdie liefde moet as gawe (*sacramentum*) aanvaar word, en nadat dit gedoen is, kan die lewe van Christus ook as voorbeeld (*exemplum*) aangeneem word. Die voorbeeld wat Christus gestel het, was om in geduld en gelatenheid die lydensweg te stap aangesien Hy seker was van die liefde van God.





Dit is hierdie *sekerheid* van die geloof wat Luther teenoor die Roomse vroomheidspraktyke gestel het.

### **Die inhoud van hierdie besinning**

Luther het 15 stellings opgestel wat oor die lyding van Christus handel. Hy begin met menings wat kenmerkend was van daardie tyd. Hy verwerp die gedagte dat ons vir die Jode kwaad moet wees oor Jesus se lyding. Hy kritiseer die gedagte wat op Albertus Magnus teruggaan dat 'n mens net op Goeie Vrydag, vlugtig, aan Jesus se lyding aandag moet gee, aangesien dit nie die hart van die evangelie is nie. Hy het ook moeite met diegene wat medelyde met Jesus het, aangesien Hy as 'n onskuldige slagoffer beskou moet word. In die vierde stelling verdedig hy die standpunt van diegene wat daarop wys dat ons met vrees vir God se toorn vervul moet word aangesien Christus se lyding en dood die radikaliteit en omvang van ons sondigheid ontbloom. In die lig hiervan stel hy dat wanneer ons die doringkroon sien, ons moet besef dat ons dit daar geplaas het. Wanneer ons die spies sien, moet ons besef dat dit ons is wat dit in sy liggaam indruk. Hy sluit daarom aan by Bernard von Clairvaux wat geleer het dat ons nie soseer oor Jesus moet ween nie, maar oor onself – ons wat eerder die dood verdien het.

Vanaf stelling agt redeneer hy dat die nut van die herdenking van Jesus se lyding en dood met menslike *selfkennis* te make het. Op Goeie Vrydag behoort dit dus ten diepste oor hermeneutiese selfontdekking te gaan. Ons moet ontdek wie en wat ons ten diepste is, naamlik mense wat afsydig is teenoor God en ons medemens. Ons in-ons-self-gekeerdheid is lewensverwoestend – nie net van ons eie lewens nie, maar uiteindelik ook dié van Jesus. In die negende stelling kom hy dan terug op die gedagte van verskrikking en vrees. Christus se lyding is nie die verskrikking nie, maar ons sonde – en daarom boesem die kruisiging vrees by ons in vir God se oordeel. Hierdie angste en vrees vir God se toorn kan nie ongedaan gemaak word deur vroom kerklike rituele nie, maar slegs dan wanneer ons deur geloof begryp word en aanvaar dat Christus se kruis ten diepste genade is. Wie een enkele dag só oor God se lyding nadink, doen beter as om 'n hele jaar lank deur rituele en doenighede genade van God te probeer afdwing. Wat Luther benadruk, is dat genade en barmhartigheid ontvang moet word, en dat ons dit nie moet probeer bewerkstellig nie. Vroom doenighede is nie genoeg om die verwoesting van ons sonde ongedaan te maak nie. God self wil dit doen – en ons moet dit só aanvaar.

In die twaalfde stelling neem Luther die argument 'n stappie verder. Goeie Vrydag en die besinning oor Christus se lyding is belangrik, maar die nadenke oor die evangelie kan nie daar stop nie. Ons moet aanbeweeg na Paassondag en die opwekking van Christus. Die worsteling van die gewete oor sonde en skuld is één aspek van



die evangelie. Die ander aspekte het met vryheid en die vooruitsig op nuwe lewe te make. Aanhoudende gewetenswroegings oor ons mislukte menswees getuig nie van geloof nie. Geloof aanvaar die genade van Christus en beweeg aan om in vryheid en hoop verder te lewe. Luther herinner ons aan Paulus se argument dat Christus ter wille van ons sonde gesterf het, maar opgewek is ter wille van ons geregtigheid. Vergewing is dus één aspek van die evangelie; die ander aspek het met ons regverdigverklaring te make. Dit is hierdie aspek wat Luther in sy lewenswerk wou beklemtoon, wat maar moeilik omarm word – ook in ons eie Kerk.

In die veertiende stelling konsentreer hy op die vraag van geloof (onthou – ons moet glo wat Christus vir ons bewerk het!). Hy erken die feit dat sommige mense dit moeilik het om die evangelie te glo. Sy argument is dat ons 'n goeie rede het om die evangelie wel te glo. In Christus se lyding sien ons sy liefde vir ons. Hy was bereid om vir ons te ly – en dít is tog 'n bewys van liefde. Luther argumenteer dat ons nie net na Christus se hart moet kyk nie; ons moet ook na sy Vader se hart kyk. God die Vader se hart is ook pure liefde, aangesien Hy sy eie Seun aan die dood afgestaan het – alles ter wille van ons redding en saligheid. Hoekom is dit dan so moeilik vir sekere mense om in God te glo? In die laaste stelling betoog Luther dat iemand wat Christus uit liefde en nie op grond van vrees nie omarm, Christus ook as voorbeeld vir die lewe kan aanvaar. Wanneer jy deur siekte geteister word, dink aan die verskrikking van sy doringkroon. Wanneer jy deur hoogmoedigheid bedreig word, dink aan sy nederigheid as gevangene. Wanneer die lis en onkuisheid jou verlei, dink aan die verskeuring van sy vlees. Wanneer jy deur nyd en haat gedryf word, dink aan sy vergewensgesindheid. Die vrugte van sy lyding het te make met ons navolging van sy voorbeeld. Regte Christene laat ander iets van Christus in hul lewens raaksien. Mag ons die geloof en genade ontvang om iets hiervan in ons eie lewens te laat realiseer.



## Martin Luther (1483-1546) en sy geskrifte

### Die teenswoordige betekenis van die opwekking van Jesus Christus

Wanneer daar vandag oor die opstanding van Christus geskryf word, word in die meeste gevalle gekonsentreer op die vraag of dit 'n werklike historiese gebeurtenis was. Tydens die leeftyd van Martin Luther was die opstanding van Christus en die verwagting van die opstanding van die ontslapenes aan die einde van die tye nie vrae wat krities gedebatteer is nie. Gedurende die laat-Middeleeue is die historisiteit van hierdie gebeure en verwagting nie bevraagteken nie. Kritiese vrae oor die historisiteit van die opstanding word eers sedert die Verligting (ongeveer 1650-1800) gevra. Luther het as kinderlike gelowige geglo dat die opwekking van Jesus 'n historiese feit is en dat die wederkoms en eindoordeel histories verwag moet word.

Luther het ook bitter min oor die opwekking van Christus as 'n aparte tema geskryf. Hy het meestal na die opstanding en die ewige lewe in samehang met die lyding en kruisiging van Christus verwys. Ons kom sy opmerkings oor die opstanding teë in sy uitleg van die geloofbelydenis, eksegetiese studies, briewe en dan veral sy preke. Die klompie opmerkings wat hy wel oor hierdie temas gemaak het, getuig van diepe eksegetiese begrip en sistematiese samehang. Ons kyk na enkele opmerkings wat hy gemaak het.

#### Sistematiese besinning

In Februarie 1528 publiseer Luther een van sy groot strydgeskrifte onder die titel *Oor die Nagmaal van Christus. 'n Belydenis / Vom abendmal Christi. Bekendnis*. Die inhoud het te make met die binne-Protestantse geskil oor die Nagmaal, en was Luther se laaste woord oor hierdie meningsverskil. Die laaste deel van hierdie geskif, is in die vorm van 'n persoonlike belydenis. Hierdie gedeelte is ook dikwels as 'n aparte geskrif gepubliseer. Ons konsentreer hier op hierdie aparte deel wat met ons belydenis te make het. Aan die einde van hierdie besinning oor die Nagmaal en die belydenis, maak hy 'n insiggewende opmerking oor die opstanding aan die einde van die tyd. Hy sê:

*Ten slotte glo ek aan die opstanding van alle dooies op die jongste dag, van sowel die vromes as die boosdoeners, met die bedoeling dat elke mens dan aan sy eie lyf sal ervaar wat hy verdien; die vromes sal in*



*ewigheid met Christus lewe en die boosdoeners sal vir ewig saam met die duiwel en sy engele sterf. Verder is ek dit nie met diegene eens nie wat leer dat die duiwel uiteindelik ook die saligheid sal beërwe.*

Luther raak, met goeie rede, twee temas aan wat eksegeties en sistematies met Jesus se opstanding verband hou. Hy raak die eindoordeel aan, aangesien die eindoordeel in die Nuwe Testament in verband staan met die opwekking van Christus. Handeling 17: 31 is 'n goeie voorbeeld. Daar staan: ...*want Hy het 'n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel deur 'n Man wat Hy uitgekies het. As bewys daarvan vir almal, het Hy Hom uit die dood laat opstaan.* Luther verdedig die “dubbele uitgang” by die eindoordeel – met ander woorde, hy verdedig die standpunt dat ongelowiges en mense wat onmenslik optree, met die oordeel en straf van God rekening moet hou. 'n Lewe ewig saam met Christus is slegs bedoel vir die gelowiges en wel die gelowiges wat soos Christene leef. Hy verwerp daarom die gedagte van “alversoening” – die gedagte dat God se genade só groot is dat elke boosdoener eventueel by God genade sal vind. Hy dryf hierdie teorie op die spits deur te argumenteer dat die duiwel self tog nie saam met die gelowiges gered kan word nie.

Luther se standpunt kom daarop neer dat hy nie kan insien dat die moordenaar dieselfde genade as die slagoffer kan ontvang nie. Indien dit wel die geval sou wees, sal “God se geregtigheid” 'n uiters problematiese idee wees. Aangesien die oordelende God vandag deur talle mense as 'n “bose God” gesien word, word daar gepoog om met begrippe soos “regskeppende geregtigheid” en “herstellende geregtigheid” te werk, met die bedoeling om die primaat van God se genade en barmhartigheid te beklemtoon.

Luther het in sy uitleg van die *Credo* (die *Apostoliese Geloofbelydenis*) aan die opwekking van Christus aandag gegee. In sy *Klein Kategismus vir die gemeentepredikant en prediker / Der kleine Katechismus für die gemeine Pfarherr und Prediger* (1529) het hy 'n kort uitleg van die *Apostolicum* aangebied. In hierdie uitleg het hy samevattend oor die betekenis van Jesus Christus se geboorte, dood en opstanding geskryf. Hy skryf:

*Ek glo dat Jesus Christus ... my Here is, wat my ... verlos het, bevry het van alle sonde, die dood en die mag van die duiwel ... sodat ek sy eiendom kan wees en in sy Ryk onder Hom kan lewe en Hom kan dien in ewige geregtigheid, onskuld en saligheid, net soos Hy wat uit die dood opgestaan het leef en regeer tot in ewigheid. Dit is gewis waar.*

Luther spits sy uitleg toe op wat die tweede artikel van die geloof vir Christene beteken. Abstrakte leerstellige uitsprake is vir hom nie van primêre belang nie. Wat belangrik is, is wat Christus se geboorte, dood en opstanding vir gelowiges beteken. In die eerste instansie onderstreep



hy die feit dat hierdie Christus van die belydenis, *my Here* is. Wat Hy vermag het, gaan *my* aan. *My* lewe word geraak. Christus se opstanding (wat nie los van sy menswording en dood bedink kan word nie) bevry *my* van sonde, dood en die bose (en hierdie drie sake word altyd saam genoem). Wat tweedens onderstreep moet word, is sy argumentering vanuit die “gerealiseerde eskatologie”. Met ander woorde, Luther sien bevryding van sonde, dood en boosheid nie net as ’n belofte nie, maar as iets wat nou alreeds ’n werklikheid is. So seker as wat Christus die dood oorwin het en nou alreeds oor alles Heer is, so seker is dit dat ek nou alreeds in die vrugte van sy bevryding deel, en daarom in ooreenstemming daarmee moet lewe. Dít alles leerstellig; maar hoe het hy hierdie oortuigings in die prediking hanteer?

### **Prediking oor die opstanding**

Op Paassondag, 31 Maart 1532, preek hy laatmiddag oor die woorde van die *Kategismus* wat verband hou met die opstanding van Christus (opgeteken in WA 36,159-164. WA staan vir *Weimarer Ausgabe*; sy versamelde werke van uiteindelik 125 volumes). Insiggewend is dat hy die opeenvolgende gedagtes “neergedaal het na die hel, en op die derde dag opgestaan het uit die dood” as ’n eenheid behandel. Die rede: Hierdie twee aspekte van ons verlossing hang onlosmaaklik saam. Die opstanding van Christus kan dus volgens Luther nie as ’n geïsoleerde tema behandel word nie.

Hier is nie ruimte om volledig aan Jesus se “hellevaart” aandag te gee nie en ons konsentreer daarom slegs op die tweede saak. Één opmerking is egter belangrik. Sy “neerdaling na die hel” het die doel gehad om die dood en die bose (of die duiwel) finaal te oorwin – en sy opstanding is die bewys dat God deur sy sterwe en graflegging die sonde, dood en bose oorwin het. Die opstandingsboodskap is daarom vir Luther die hart van die Christelike geloof. Hieroor moet daar altyd blymoedig gejubel word. In sy preek beklemtoon hy dan weer die gedagte dat die opstanding van Christus as geïsoleerde tema nie ’n belangrike saak is nie. Dit is belangrik omdat ons met die verwagting kan lewe dat ons nou alreeds seker weet dat God ons ook uit die kloue van die sonde, bose en dood gaan red. Met Christus het ons opstanding alreeds begin.

Om dit weer te sê, die opstanding is vir Luther nie net ’n belofte nie, maar ’n teenswoordige werklikheid wat deur die doop bevestig word. Hierdie perspektief skep ’n totaal ander benadering tot die graf. As Luther na die graf kyk, sien hy blomme en vrolike mense in Christus se teenwoordigheid. By die graf moet ons vir mekaar sê, *die nuwe lewe saam met Christus het reeds begin*. Volgens Luther is die *hoof en hart van ’n gelowige reeds in die hemel, al is die voete nog in die graf*. Dít was sy manier om te sê: Ons deel nou alreeds in die nuwe lewe saam



met Christus, al gaan die lewe op aarde nog voort. Luther beklemtoon dit dat God Christus uit die dood opgewek het en dat Hy nou in God se teenwoordigheid is. Christene glo dat dieselfde God hulle ook sal opwek – en dit is nie net 'n belofte nie, maar ook 'n sekere wete. Met *sekerheid* leef en sterf ons!



**Martin Luther (1483-1546)**

## Wat ons in die Evangelies moet soek en verwag

Ons leef in 'n tyd van radikale pluralisme. Hiermee word bedoel dat eenduidigheid, konsensus en gemeenskaplikheid nie geduld word nie. Meerduidigheid, grenslose verskille en subjektivering van die waarheid word verheerlik as die wenslike en gebiedende. Die konsekwensie wat hierdie filosofie vir die teologie inhou, is katastrofies. Volgens hierdie denke is konsensus oor die inhoud en bedoeling van die Nuwe Testament net nie meer moontlik nie. Die eeue oue oortuiging dat ons in die Bybel met *die* evangelie te make kry, word verwerp. Met groot stelligheid word beweer dat ons in die Nuwe Testament te make het met *verskillende* evangelies (en nie net verskillende perspektiewe op die *een* evangelie nie). Binne hierdie geestesklimaat moet die teologiegeskiedenis sy reg op mening opeis. Die teks van Martin Luther wat hier bekendgestel word, moet hom opdring aan 'n koers wat niks goed inhou vir die saak van Jesus Christus nie.

### 'n Belangrike voorwoord

Luther het gedurende 1521/22 op die Wartburg ('n kasteeltjie op 'n berg by Eisenach in die ooste van Duitsland) weggekrui vir sy Roomse vervolgers. Soos bekend, het hy in hierdie tyd die Nuwe Testament in Duits vertaal. Dit was egter nie al wat hy daar gedoen het nie. Hy het ook 'n reeks *postilles* vir die predikante geskryf. 'n *Postille* is 'n voorbeeld van hoe daar op Reformatoriese wyse gepreek moet word. Ten diepste het sy *postilles* gehandel oor hoe die Bybel verstaan en uitgelê moet word. Anders gestel: Aan hand van die *postilles* het hy prakties geïllustreer waarop Reformatoriese Bybeluitleg en -interpretasie neerkom. Die kernpunte van Reformatoriese hermeneutiek het volgens hierdie *postilles* te make met (a) die geestelike eenheid van die evangelie ten spyte van die veelvoud van literêre getuïenisse, (b) die aanvaarding dat ons in die geskiedenis van Jesus Christus met die geskiedenis van God se heilshandeling te make het, en (c) dat die belangrikste aspek van die evangelie met Jesus as gawe (*sacramentum*) en nie met Jesus as voorbeeld (*exemplum*) te make het nie.

Hierdie *postilles* is opgeneem en gepubliseer in 'n "kommentaar" getitel *Uitleg van die apostoliese briewe en evangelies volgens die leesrooster van die kerk; vanaf Kersfees tot en met die Sondag ná Epifanie / Auslegung der Episteln vnd Euangelien die nach brauch*

*der kirchen gelesen werden; vom Christtag bisz auff den Sontag nach Epiphanie.* Hierdie “kommentaar”, in die vorm van versamelde *postilles*, is voorsien van ’n voorwoord, soortgelyk aan die voorwoord in die Duitse vertaling van die Nuwe Testament. Hierdie voorwoord is in 1522 ook as ’n selfstandige traktaat gepubliseer onder die titel *’n Kort onderrig oor wat ’n mens in die evangelies moet soek en verwag / Ein kleiner Unterricht, was man in den Evangelien suchen und erwarten soll* [te vinde in WA 10, 1, 1 (VII), 8-18]. Dit is hierdie geskryfte wat hier aandag geniet, aangesien dit begronde kritiek bevat op die pluralisme-verheerliking van ons dag.

### **Die inhoud**

Luther begin deur op twee foute in die teologie van sy dag te wys, naamlik die gedagtes dat (a) die evangelie net in die vier Evangelies te vinde is en (b) dat die Evangelies as wettiese geskryfte gelees moet word; met ander woorde, as literatuur wat handelingsaanwysings vir die morele lewe bied. Volgens Luther is daar net *een* evangelie wat in die Evangelies sowel as die briewe gevind word. Paulus, Petrus, Johannes en die afsonderlike Evangeliste het nie afsonderlike evangelies gehad nie. Almal getuig oor die *een* evangelie van Jesus Christus. Die evangelie is volgens Luther ’n duidelik formuleerbare aangeleentheid. Dit is die kronieke of geskiedenis van Christus; wat Hy gedoen, gesê en vermag het. *Op sy kortste uitgedruk, is die evangelie ’n vertelling van Christus, dat Hy God se Seun is en dat Hy vir ons mens geword het, gesterf het en opgestaan het, en as Heer oor alle dinge aangestel is.* Hiervan getuig alle geskryfte van die Nuwe Testament; Markus en Paulus, Lukas en Petrus.

Elkeen behoort te weet *dat die evangelie ’n geskiedenis is van Christus, Seun van God en seun van Dawid, wat gesterf het en opgewek is en tot Heer verhef is ... aangesien daar net een Christus is, is daar net een evangelie ... selfs die profete getuig oor hierdie een Christus, en daarom vorm hulle deel van hierdie een verhaal.*

Luther pleit dat teoloë moet ophou om van Christus ’n tweede Moses te maak aangesien Hy nie maar net ’n leermeester en voorbeeld is nie. Vanselfsprekend moet daar ook oor Hom as voorbeeld gepraat word, maar dít is nie primêr nie. Primêr is dat Hy as gawe en geskenk ter sprake gebring moet word. Deur dít te doen, kom dít ter sprake wat die *gewete vrolik, seker en tevrede sal maak, naamlik die liefde van God.* Spreke wat uitmond in ’n vrolike, goeie en troosvolle boodskap het met die evangelie te make, en dít en slegs dít, is wat ’n preek veronderstel is om te kommunikeer. Nadat Christus op hierdie wyse in die prediking ter sprake gebring is, kan en moet Hy ook as voorbeeld ter sprake kom aangesien geloof en liefde onlosmaaklik verbonde is.





Opsommend, as hartklop van die Reformatoriese teologie, sê hy dan:

*Christus as gawe voed jou geloof en maak van jou 'n Christen. Christus as voorbeeld oefen jou werke, dit maak egter nie van jou 'n Christen nie, maar vloei uit jou, wat reeds 'n Christen gemaak is, voort. In soverre jy gawe en voorbeeld onderskei, onderskei jy ook geloof en werke. Die geloof as sodanig is en het niks nie, aangesien dit slegs te make het met Christus se werk en persoon. Die werke het wel iets wat met jou te make het, maar dit behoort nie aan jou nie, aangesien jou werke jou naaste toekom.*

Die evangelie is dus nie iets wat wesenlik met wette en gebooi te make het nie, maar met die beloftes van God waarin Hy sy goedheid aan ons deur Christus bekend maak. Hierdie evangelie moet gehoor en geglo word, en gelowiges wat Christus as gawe aanvaar, behoort dan outomaties te weet dat hulle Christus ook as voorbeeld moet navolg. As navolgers van Christus dien hulle hul naaste, maar navolging maak nie van jou 'n Christen nie. Slegs diegene wat reeds Christene gemaak is deur die geloof, volg Jesus na. Om hierdie rede onderskei ons tussen geloof en werke sonder om dit te skei.

### **Die Bybel**

Luther sluit hierdie voorwoord aan die Protestantse predikante af met 'n verduideliking oor die verband tussen Bybel en evangelie. Hy sê:

*Die evangelie is wesenlik nie Skrif nie, maar mondelinge woord, wat die Skrif laat hoor, soos wat Christus en die apostels ook gedoen het. Daarom het Christus self ook nie geskryf nie, maar slegs gepraat; en sy leer is nie skrif nie, maar word evangelie, as die goeie boodskap, deur die prediking, wat nie met die pen nie maar met die mond voorgedra word. Wanneer dít as vertrekpunt geneem word, sal die evangelie nie in 'n wetboek verander word nie, en sal Christus nie verskraal word tot 'n tweede Moses nie.*

### **Samevatting**

Die evangelie (die één boodskap oor Christus) kom tot uiting in die prediking. Die Bybel as sodanig is dus nie die evangelie nie. Dit is wel die bron wat die predikant gebruik om die evangelie mee uit te dra. Die Protestantse predikant moet in sy prediking aan twee sake aandag gee, naamlik (a) Christus as gawe en (b) Christus as voorbeeld vir die lewenswandel. Lewenswandel maak nie van jou 'n Christen nie, maar wel jou geloof in Christus as God se gawe. As gelowige volg jy Christus ná, deur in liefde goeie werke te doen. Prediking wat nie tussen geloof en werke, Christus en Moses kan onderskei nie, is nie Reformatoriese prediking nie. Maar hy wat geloof en liefde skei, is eweneens nie besig met die volle boodskap van die Bybel nie.

## Martin Luther (1483-1546) en sy geskrifte

### Die lees van die Bybel en teologiebeoefening

Danksy Martin Luther het die Bybel weer die sentrale fokuspunt in kerk en teologie geword. Die feit dat die Afrikaanse kerke daarop roem dat hulle, getrou aan die Reformasie, baie aandag aan die Bybel gee, beteken nie dat hulle werklik besig is met die inhoud van die Bybel nie. Wanneer “die wandel in die Woord” by die opening van vergaderings baie duidelik met manipulasietegnieke verband hou, weet jy dat mense nie met die Woord gekonfronteer wil word nie, maar dat die Woord bloot ingespan word vir eie agendas. Wanneer teoloë met temas besig is wat nie regtig in die Bybel voorkom nie, soos *sin* en die *soeke na sin*, weet jy dat die inhoud van die Bybel vir hulle nie van groot belang is nie. Om hierdie rede is dit belangrik om terug te keer na die primêre geskrifte van Luther om opnuut, en dalk vir die eerste keer, te hoor wat van die Bybel ’n buitengewone boek maak, hoe ons daarmee moet omgaan, en wat ons daaruit kan kry. Uit sy geskrifte kan ons opnuut leer waarmee die Bybel ons wil konfronteer en waarvan ons gespaar kan bly deur die Bybel reg uit te lê.

#### Twee belangrike voorwoorde

Luther het twee belangrike voorwoorde geskryf waarvan elke predikant en lidmaat kennis moet neem. In 1539 [WA 50,657-661] skryf hy sy *Voorwoord tot die eerste band van die Wittenbergse uitgawe van die Duitse geskrifte / Vorrede zum ersten Band der Wittenberger Ausgabe der Deutschen Schriften*, en in 1545 [WA 54,179-187] skryf hy ’n *Voorwoord tot die eerste band van die Wittenbergse uitgawe van die Latynse geskrifte / Vorrede zum ersten Band der Wittenberger Ausgabe der Lateinischen Schriften*. Ons gee eers aandag aan die voorwoord tot die Latynse geskrifte, aangesien die Latynse geskrifte in die meeste van die gevalle ouer is as die Duitse geskrifte.

Luther begin deur verskoning te maak vir die feit dat sy geskrifte nie sistematies en georden is nie. Hy vra dat mense wat op soek is na ’n sistematiese oorsig oor die Reformatoriese leer, eerder Melancthon se *Loci Communes* moet raadpleeg. Hy kyk dan terug op sy vroeë werke en gee ’n verduideliking oor hoekom hy oor sekere dinge moes skryf. Interessant is dat hy 28 jaar ná die opstel van die 95 Stellings verduidelik dat hy op die aflaatprediking móés reageer aangesien dit ten diepste oor geldelike gewin (welvaartsgodsdiens!) gegaan het.





Deur voor te gee dat geld ingesamel word vir barmhartigheidsprojekte, maar die geld dan aan te wend vir luukshede in Rome, was vir hom totaal onaanvaarbaar. Sou Luther vandag gelewe het, en hy die welvaartsteologie moes aanhoor, sou hy seker hartversaking gekry het. Ná 500 jaar, ten spyte van vrye toegang tot die Bybel, sukkel ons dus steeds met dieselfde saak, naamlik om geld te maak uit godsdiens.

Aan die einde van hierdie voorwoord noem Luther 'n ander saak wat steeds van uiterste belang is. Hy vertel hoe hy tot die kern van die Nuwe-Testamentiese boodskap deurgedring het. Deur oor en oor met die Psalms, Romeine, Galasiërs en Hebreërs besig te wees, het hy uiteindelik ontdek dat hy (en die kerk van sy tyd) die gedagte van “God se geregtigheid” totaal verkeerd verstaan het. Hy het hierdie begrip filosofies verstaan, terwyl dit 'n teologiese begrip is wat slegs verstaanbaar word wanneer dit teologies verstaan en uitgelê word. Die filosofiese argument is dat God regverdig is omdat Hy die sondaar en die onreg straf. Die teologiese argument is dat God regverdig is omdat Hy die sondaar genadig is. In sy eie woorde:

*Totdat ek, deur God se erbarming ... op die verbinding van hierdie woorde begin let het, naamlik “dat die geregtigheid van God daardeur geopenbaar word, soos geskryf staan, dat die regverdige uit die geloof lewe”; [eers van toe af] het ek die geregtigheid van God begin verstaan as die gawe waardeur die geregverdigde lewe. Dit kom op die volgende neer: Deur die evangelie word die geregtigheid van God geopenbaar, en wel as passiewe geregtigheid; dit is die [geregtigheid] waardeur die barmhartige God ons regverdig maak, en wel deur die geloof, soos geskryf staan: “die geregverdigde leef uit die geloof”. Eers toe het ek gevoel soos 'n hergebore mens wat deur die geopende hekke van die paradys kon loop.*

Hierdie, moeilik vertaalbare woorde, sou die hart van die Reformatoriese teologie word. Die hart van die Nuwe-Testamentiese boodskap! Om dit vandag vir 'n “sinsoekery” te verruil, is nie net verraad teenoor die Reformasie nie, maar ook verraad teenoor die Nuwe Testament.

Die voorwoord tot die Duitse geskrifte is in 1540 ook as 'n aparte boekie gepubliseer. Hierin gee hy raad hoe “teologie op die regte manier en wyse bestudeer moet word”. Die hoofargument is dat geskrifte van die kerkvaders en die konsilies interessante leesstof mag wees, maar dat dit nie die stof is wat bestudeer moet word nie. Hy sê dan in dieselfde asem dat ook sy eie geskrifte nie té ernstig opgeneem moet word nie. Die enigste waarde wat dit moontlik sou kon hê, is dat dit iemand nader aan die Bybel sou kon bring. Dan volg die raad oor hoe die Bybel benader moet word; óf anders gestel, hoe teologie beoefen moet word. Volgens Luther word regte teologie uit drie stappe gebore, naamlik gebed (*oratio*), meditasie (*meditatio*) en aanvegting (*tentatio*).



## **Gebed**

Die Bybel is 'n boek wat alle ander boeke na gekheid laat lyk, aangesien dit die enigste boek is wat oor die ewige lewe handel. Vir die menslike rede is juis dít totale gekheid, en daarom moet die Bybel deur gebed benader word. Daar moet gebid word om opheldering deur die Heilige Gees, aangesien die menslike verstand alleen jou nie gaan help om die Bybel te verstaan nie. Die dinge wat die verstand te bowe gaan, benodig 'n benaderingswyse waaraan die verstand nie gewoond is nie, en dít is gebed en die leiding van die Heilige Gees.

## **Meditasie**

Die Bybel moet weer en weer gelees word. In stilte moet daarvoor nagedink word. Dit moet bepeins word. Meditasie is egter nie net 'n innerlike aangeleentheid nie. Dit is ook 'n uiterlike saak. Hiermee bedoel Luther dat daar voortdurend oor die Bybel gepraat moet word; die tekste moet gereeld gepreek word; en daar moet reëlmatig oor die inhoud gesing word. Sonder hierdie aanhoudende herhaling, sal die belang van die Bybel nooit ontdek of besef word nie.

## **Aanvegting**

Onder “aanvegting” verstaan Luther kritiese nadenke, worsteling en selfs betwyfeling. Aanvegting is die proefsteen vir werklike begrip en verstaan van die Bybel. Dit is egter ook die waarborg dat 'n mens die troosvolheid van die inhoud sal beleef en tot die besef sal kom dat hierdie wysheid alle ander wyskede oortref. Hierdie benadering lê ten grondslag van ons Kerk se oortuiging dat teologie, kritiese teologie moet wees. Die waarheid van die Woord kan nie vir eens en vir altyd in boeke en dokumente geformuleer word nie. Dit moet altyd weer van nuuts af ontdek word deur bestudering van die Bybel, gebed en die leiding van die Heilige Gees. Kritiese teologie beteken ook om die kerklike praktyke krities te beoordeel. Die vraag *wat dink ons doen ons?* moet aanhoudend gestel word – en niks en niemand moet gespaar word nie.

Luther sluit hierdie voorwoord af met die bede om een belangrike saak, naamlik nederigheid – nederigheid in ons pogings tot nadenke oor die inhoud van die Bybel. In sy eie woorde:

*Laat ons eer soek en hoogmoedig wees waar ons toegelaat word. In hierdie Boek behoort die eer aan God alleen. Daar staan ook: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. Aan Hom kom die eer toe tot in ewigheid. Amen.*



## Martin Luther (1483-1546) en sy geskrifte

### Die doen van groot en baie werke

Almal weet dat die wêreld oor die laaste 500 jaar dramaties verander het. Ten spyte van al die uiterlike veranderinge, is daar tog sekere dinge wat dieselfde bly. 500 jaar gelede moes Luther die kerk opnuut oortuig dat jou regverdiging of saligheid nie afhang van baie godsdienstige pligpleginge nie. Hy het die kerk opnuut bewus gemaak van Paulus se stelling dat 'n mens deur die geloof alleen gered word (Rom 1:17). Vandag word ons al meer en meer aan die ou dwaling waarteen Luther gewaarsku het, blootgestel. Verlede jaar sê 'n predikant op 'n ringsvergadering dat die enigste kans wat die Kerk op oorlewing het, is om baie spoedig baie goeie werke te doen. Indien die Kerk nie vinnig met 'n klomp diakonale en gemeenskapsprojekte besig raak nie, sal die Kerk gewoon verdwyn – sê hy. Ons word dus vandag vertel: Doen, doen, doen; dan red ons onself, die kerk en die wêreld! Só is ons terug by die stryd van 500 jaar gelede (net in 'n ander gestalte).

Die herdenking van die Reformasie bied aan ons die geleentheid om Luther se argumente met mekaar te deel. Deur sy argumente weer tot lewe te bring, kan ons opnuut ontdek wat Reformatoriese vryheid is. Vryheid is belangrik, aangesien ons weer slawe word van die baie dinge wat ons moet doen om onself en ons kerkwees te regverdig.

#### Die prismaat van die geloof

In 1519 stel Luther 16 stellings op onder die titel *Stellings oor wet en geloof / Sententiae de lege et fide*, wat hy in die openbaar verduidelik het. Hierdie stellings het ten doel gehad om gelowiges te help om die regte onderskeidings te maak – want dit maak van iemand 'n ware teoloog, sê Luther. Luther begin sy betoeg deur te stel dat Christene (soos die Jode) veronderstel is om vreugde te vind in die wet van die Here. Aan die *wet van die daade* kan 'n mens egter nie vreugde vind nie, indien dit nie onderhewig is aan die *wet van die geloof* nie. Volgens Luther kom die geheim van Christenskap neer op die *onderskeiding* van die wet van die daade van die wet van die geloof. Wie Christenskap op die wet wil bou, eindig uiteindelik in 'n gewelddadige mens (wat wraak neem en vergeld). Die *Goddelike wet* verwag egter om dubbel terug te gee aan hom wat van jou vat. Dit kan en wil ons nie doen nie, en daarom is ons almal skuldig voor God. Deur aanhoudend menslike werke te doen, help ons nie in ons saak voor God nie. Slegs die geloof in



die kruis en die sterwe aan onself, plaas ons in 'n onskuldige posisie voor God.

Om dieselfde saak te verduidelik, het Luther ook 'n ander reeks stellings opgestel waarna ons kan kyk. In 1520 stel hy 'n reeks van 20 stellings op, bekend onder die titel *Die vraag, of die werke iets tot die regverdiging bydra / Quaestrio, utrum opera faciant ad iustificationem*. In hierdie reeks stellings maak hy die volgende duidelik: Die geloof alleen, sonder werke, regverdig voor God. Nogtans, sê hy, *is dit onmoontlik dat die geloof sonder permanente, baie en groot werke kan wees*. Hierdie werke, egter, kan iemand nie regverdig of skuldig maak nie. Die werke wat gedoen moet word, beteken in die oë van God niks nie.

Die rede hoekom Luther op hierdie gedagte hamer, het met die volgende te make. In stelling 12 sê hy: *Fundamenteel vernietig die geloof die vertrouwe in die goeie werke, asook die vertwyfeling oor die bouse*. Geloof in Christus het dus volgens Luther niks te make met wêreldvertroue nie, aangesien dit die vertrouwe toespits op God alleen. Hy sluit af deur te stel: *Geloof en geregtigheid kom nie uit die werke na vore nie, maar die werke kom uit die geloof en geregtigheid*. Sy punt is: Die werke is nie die wesenlike van die godsdiens nie, en werke word slegs dán aanhoudend gedoen wanneer daar geloof is en daar uit die geregtigheid van God gelewe word. Luther het dus nie geleer dat Christene nie goeie werke moet doen nie, maar dat werke nie ons menswees allesoorheersend moet bepaal nie. Verder het hy geleer dat goeie werke in elk geval nie buite die geloof om moontlik is nie.

### **Goeie werke wat uit die geloof voortspruit**

In 1520 het Luther vier lang traktate geskryf, wat onder sy hoofgeskrifte gereken word. Een van hierdie traktate dra die titel *Oor die goeie werke / Von den guten werkenn* [WA 6, 202-276]. Hierdie traktaat is die eerste "Protestantse etiek", en wel in die vorm van 'n uitleg van die Tien Gebooe. In hierdie traktaat het hy die belangrikheid van goeie werke belig en beskryf wat goeie werke is. Interessant is dat hierdie werk oorspronklik in Duits geskryf is. Hy het dit eers in 1521 in Latyn vertaal. Teen 1525 het die Duitse uitgawe 13 drukke en die Latynse weergawe drie drukke beleef.

Luther het elke gebod met behulp van 'n reeks stellings verduidelik. Die *eerste gebod* is versien met 17 stellings. Ek meen dat hierdie 17 stellings 'n uitstekende verduideliking is van die aard en wese van goeie werke. Hy begin sy uitleg deur te beweer dat daar nie goeie werke buite die gebooe van God om bestaan nie. Goeie werke kan niks anders as gehoorsaamheid aan die gebooe wees nie. Tweedens beweer hy dat die edelste van alle goeie werke, geloof in Christus is. Sonder geloof in Christus, kom 'n mens nie by die diepste bedoeling van die eerste gebod uit nie. Geloof bring liefde, vreugde en hoop in die mens na vore – en hierdie is die dinge wat mense motiveer om goeie





dinge te doen. Die goeie dinge wat gedoen moet word, is volgens Luther die normale daaglikse pligpleginge.

Hy verduidelik sy punt met die volgende argument: Mense dink dat hul daaglikse werk nie goeie werke is nie. Hulle dink goeie werke is groot goed wat hulle vir die kerk moet doen. Hierdie mense is verkeerd, aangesien die daaglikse doen en late van gelowiges vir die Here goed genoeg is. Die Here verwag nie van ons reuse-offergawes, baie gebede en skenkings vir armes nie, maar eerder 'n eerlike dag se arbeid, waarby almal uiteindelik baat vind. Gelowiges het nie 'n leermeester nodig insake goeie werke nie. Die Gees, wat aan gelowiges geskenk word, lei ons om dag vir dag te doen wat op ons pad kom. Mense wat twyfel oor die aantal en grootte van hul werke, twyfel eintlik oor hul geloof. Hulle twyfel oor die geloof aangesien hulle nie besef dat ons God nie met ons werke kan en moet beïndruk nie.

Luther verduidelik die samehang tussen geloof en die noodsaaklikheid om goed te doen aan hand van die problematiek van lyding. Wanneer mense siek en arm is, of 'n gebrek aan aansien geniet, twyfel hulle oor God se liefde vir hulle, en is dan traag om goed te doen aan ander. Ten opsigte van lyding moet 'n mens iets van God se verborgenheid begryp. Hy sê in die sewende stelling: *Agter die lyding, wat ons soos 'n muur van Hom wil skei, staan Hy verborge en kyk na my sonder om my [ ooit ] te verlaat.* Wie op hierdie *verborge* God vertrou in nood en lyding, sal die gelatenheid ontwikkel om daagliks goed te doen aan ander – en hierdie ander begin by die mense in jou huis.

Om voortdurend goed te kan doen, moet 'n mens vanuit die eerste gebod lewe. Luther lê hierdie gebod soos volg in die negende stelling uit:

*Om 'n God te hê [of om in God te glo], impliseer nie dat jy Hom uiterlik met jou mond God noem nie, óf Hom op jou knieë met allerlei gebare aanbid nie, maar dat jy Hom van harte vertrou en alle goeie, genade en welbehae van Hom verwag ... in lyding, lewe en sterwe.*

Hierdie vertrou stel 'n mens in staat om goed te doen aan ander, aangesien jy nie meer oor jouself begaan is nie, maar kan konsentreer op die ander wat jou hulp nodig het.



## Martin Luther (1483-1546) en sy geskrifte

### Oor die vryheid van 'n Christenmens

*Vryheid* is naas *regverdiging* een van die sentrale begrippe waarmee Martin Luther gewerk het. In die hedendaagse Luther-navorsing word Reformatoriese teologie dikwels getipeer as vryheidsteologie. Indien 'n mens dus wil weet wat Luther ten diepste geleer het, moet 'n mens gaan kyk wat hy oor vryheid geleer het. Met behulp van die begrip *vryheid* het hy verduidelik waaroor die Nuwe-Testamentiese boodskap handel.

#### Die vryheidsgeskrif van 1520

In 1520 het Luther op 37-jarige ouderdom, in Duits vir die kerkvolk, een van sy invloedrykste werke onder die titel *Oor die vryheid van 'n Christenmens / Von der freyheyt einiß Christenmenschen* geskryf. Hy het hierdie werk blykbaar dadelik in Latyn vertaal (die amptelike taal van kerk en universiteit in daardie tyd) en dit met 'n begeleidende brief aan die pous gestuur. Die besending is bekend onder die titel *Brief van Luther aan Pous Leo X. 'n Verhandeling oor die Christelike vryheid / Epistola Lutheriana ad Leonem Decimum summum pontificem. Tractatus de libertate christiana* (opgeneem in WA 7, 42-73). Aangesien hier nie ruimte is om aan die hele geskrif aandag te gee nie, konsentreer ons onder andere op die tema wat ook in vorige artikels aandag geniet het, naamlik die verhouding tussen geloof en werke.

#### Vryheid, geloof en liefde

Luther begin hierdie traktaat of verhandeling met die vraag wat 'n Christenmens is en hoe dit met die vryheid gesteld is waaroor Paulus skryf. Hy antwoord hierdie vraag soos volg (hier volgens die Latynse weergawe):

*'n Christen is geheel en al 'n vrye heer oor alles en niemand se onderdaan nie.*

*'n Christen is geheel en al almal se dienende kneg en aan almal onderdanig.*

Hierdie stelling verwoord kortliks die inhoud van Romeine 13, 1 Korintiërs 9 en Galasiërs 4 en 5. Om hierdie weersprekende stelling





oor vryheid en diensbaarheid te verstaan, moet 'n mens begryp dat die mens twee nature het. Hy is 'n geestelike en 'n liggaamlike wese tegelyk. Innerlik, geestelik, na sy “siel”, kan die mens 'n nuwe en vrye wese word, maar uiterlik, liggaamlik, as aardse wese, kan hy niks doen wat van hom 'n vrye wese kan maak nie. Niks wat hy doen (soos werke van barmhartigheid), en niks wat hy aantrek (soos 'n nonnekleed), kan hom in sy diepste wese verander nie. Trouens, booswillige mense kan ook goed doen en heilig aantrek. Al wat mense in hul diepste wese verander, is wanneer hulle luister na die gepredikte Woord en dit in die geloof aanneem. Die belangrikste werk wat dus van Christene verwag word, is om in Christus te glo, hierdie geloof te bestendig en dit te verdiep. Deur die geloof in Christus word alle ander gebooe indirek gehoorsaam, en is niks verder nodig om geregverdig te word nie. Ons word deur geloof geregverdig sonder die werke van die wet!

Van Christene word verwag om die wet (soos uitgespel in die tien gebooe en saamgevat deur Jesus in die dubbele liefdesgebod) te gehoorsaam. Ons weet egter dat ons dit om verskeie redes nie doen nie. Om hierdie rede herinner die wetsverkondiging ons aan ons skuld, ons gebrekkige gehoorsaamheid aan Christus se opdragte. *Christelike vryheid* bestaan in die wete dat ons slegs deur geloof in Christus 'n reg op bestaan voor God het. Die werke van die wet, soos die doen van barmhartigheid, lewer hiertoe geen bydrae nie. Indien mense voel dat hulle tóg iets moet dóén, moet hulle die eerste gebod gehoorsaam. Gehoorsaamheid aan die eerste gebod is nie net die grootste eer wat God aangedoen kan word nie, maar maak dit moontlik om na menslike vermoë aan ander verwagtinge te voldoen.

Een verwagting waaraan Christene moet en kan voldoen, is om soos priesters vir ander in gebed in te tree. Volgens Luther kry ons deur ons geloof in Christus deel aan sy priesterskap – en *priesterskap* beteken ten diepste om vir ander voorbidding te doen. Dit kan en moet alle Christene doen. Om kos en klere te gee, is baie belangrik, maar terselfdertyd moet ons vir diegene in nood bid. Wanneer albei gedoen word, kan daar sprake wees van ware navolging van Christus. Om vir ander te kan bid, is vryheid teenoor jou eie bestaansnood nodig – en hierdie vryheid is vrug van die geloof in die belofte van God se vryspraak.

Hierdie geskrif is een van die eerste waar Luther die gedagte van die “algemene priesterskap van die gelowiges” geleer het. Dit was in 1520 'n revolusionêre gedagte aangesien die Roomse priesters 'n klein, eksklusiewe groepie mense was. Hy het dus hierdie groep se mag, status en bevoorregting bevraagteken. Aangesien Luther geweet het dat mense sou vra hoekom daar hoegenaamd predikante moet wees as alle lidmate priesters gemaak word, het hy die volgende gesê ter begroning van die amp van predikant: Almal kan voorbidding doen en oor Christus getuig, maar almal kan nie preek nie. Prediking is iets anders as om bloot die historiese verhaal van Jesus te vertel. Prediking is Christus-prediking.



*Maar daar moet só oor Christus gepreek word dat geloof vir my en vir jou daaruit sal ontstaan, groei en behou word. Geloof word gewek en bewaar wanneer daar verduidelik word waarom Christus gekom het, hoe 'n mens jou deur Hom laat bedien, hoe Hy nuttig gemaak kan word, en wat Hy vir my gebring en gegee het. Dit gebeur wanneer 'n mens die Christelike vryheid, wat ons van Hom ontvang het, reg uitlê, naamlik dat ons almal konings en priesters is, heer is oor alle dinge, en alles wat ons doen vir God se oë aangenaam sal wees ... Wanneer 'n hart Christus só aanhoor, sal dit opvrolk op grond van die troos wat ons ontvang, en Christus met blydschap liefhê.*

Oor die tweede deel van sy dialektiese stelling het Luther die volgende te sê: *'n Christenmens is 'n diensbare kneg en alle mense onderdanig. Dit beteken: In soverre dit sy vryheid aangaan, hoef 'n mens niks te doen nie. In soverre hy kneg is, moet hy allerlei dinge doen.* Wat is dit dan wat 'n gelowige moet doen? Gelowiges kan en moet baie goeie dinge doen uit vrye liefde en tot God se behaaglikheid. Wat hierdie goeie dinge is, weet elke Christen op grond van Matteus 25 – naamlik liefde wat uitmond in die werke van barmhartigheid. Ons hoef dit nie vir mekaar uit te spel nie. Luther worstel eerder verder met 'n ander vraag, en dit is: Hoekom word die goeie nie gedoen nie? Waarom lewer die kerkmense nie die vrugte van die Gees op nie? Hy antwoord hierdie vrae met die volgende beroemd geworde woorde:

*Goeie werke maak nooit van iemand 'n goeie, regverdige mens nie, maar 'n goeie, regverdige mens doen goeie, regverdige werke. Slegte werke maak nooit van iemand 'n slegte mens nie, maar 'n slegte mens doen slegte werke. Om hierdie rede moet die persoon uit die staanspoor goed en geregverdig wees sodat goeie en regte werke vanuit hierdie geregverdigde persoon kan voortvloei. Dit is soos wat Christus sê: 'n Slegte boom dra nie goeie vrugte nie. 'n Goeie boom dra nie slegte vrugte nie.*

Luther se argument is dat slegs mense wat deur die geloof geregverdig is, of dan goeie mense gemaak is, voortdurend goeie en regte dade (werke van barmhartigheid) sal voortbring. Ongelowiges kan ook goeie dinge doen, maar sal dit nie aanhoudend kan doen nie, aangesien hul selfsug en eersug hulle daarvan sal weerhou. “Slegte mense”, mense wat permanent 'n stryd het om hul eie bestaan te regverdig, kan nie standhoudend goed doen nie. Die “goeie mens” wat egter deur die geloof van aanhoudende pogings tot selfregverdiging bevry is, kan in vryheid sy naaste dien deur aanhoudend goed te doen.



## Martin Luther (1483-1546) en sy geskrifte

### Die verborge en die geopenbaarde God

Martin Luther het in 1525 een van sy hoofgeskrifte onder die titel *Oor die onvryheid van die wil / De servio arbitrio* gepubliseer. Hy het maande lank aan hierdie werk geskryf – onder andere omdat hy in dieselfde jaar in die huwelik getree het en met 'n huishouding moes begin. In hierdie boek het hy aan 'n paar moeilike vraagstukke aandag gegee, soos die sonde, die menslike wil en die Bybelse Godsbegrip. Ons gee hier aandag aan die Christelike verstaan van God. Voordat ons daarby kom, eers 'n paar opmerkings oor die agtergrond van hierdie werk.

#### **Die “*diatribe*” de libero arbitrio van Erasmus van Rotterdam (1524)**

Geert Geerts, algemeen bekend as Erasmus van Rotterdam (1466-1535), was een van die grootste geleerdes van die laat-Middeleeue. Hy is veral bekend as die man wat in 1515 'n Griekse teks van die Nuwe Testament saamgestel en gepubliseer het. Erasmus was een van die groot Humaniste – dit is mense wat die klassieke geskrifte van die Grieke weer onder die aandag van middel-Europa gebring het deur die geskrifte te vertaal en te publiseer. Alhoewel Erasmus 'n geweldige groot bydrae tot die ontwikkeling van die Reformasie gelewer het, het hy self nooit sy rug op die Roomse Kerk gekeer nie.

In 1524 publiseer Erasmus sy “*Ondersoek*” na die vryheid van die wil. In hierdie “ondersoek” maak hy gebruik van die deliberatiewe retoriek – dit is debatvoerende argumentering. Hierdie tegniek verhoed hom om finale uitsprake oor filosofiese en teologiese sake te maak. Dit pas ook in by sy verstaan van die Christendom, naamlik 'n navolgingsgodsdienst gebaseer op die bergrede, sonder groot, gekompliseerde uitsprake oor leeraangeleenthede. Een konsekwensie van hierdie benadering tot teologie is dat niks gesaghebbend kan wees nie – nie die konsiliebesluite nie, maar ook nie die Skrif nie. 'n Ander konsekwensie is dat die skeptisisme die oorhand kry oor die sekerheid – die sekerheid van God en sy liefde. Dit is hierdie tipe argumente wat Luther na die pen laat gryp het, aangesien dit die standhoudende geloof in God bedreig.



### ***De servo arbitrio* (1525)**

Luther se antwoord (dat die menslike wil nie vry is nie) op Erasmus se stelling (dat die menslike wil wel vry is), lyk of dit op 'n reuse misverstand berus aangesien die twee nie oor dieselfde sake debat voer nie. Luther het Erasmus egter baie goed verstaan, maar hy, as teoloog, wou iets anders beklemtoon as wat die filosoof Erasmus beklemtoon het. Luther het Erasmus se werk doelbewus verkeerd, as 'n dogmatiese traktaat, gelees, en só het hy die geleentheid gekry om 'n paar belangrike teologiese perspektiewe te belig. Luther het dus nie van Erasmus se filosofiese argument oor die vryheid van die wil verskil nie, maar daarop gewys dat wanneer hierdie filosofie as teologie aangebied word, die saak problematies raak vir die geloof.

Voordat ons by die Godsvraag uitkom, eers twee prinsipiële vertrekpunte wat Luther in hierdie werk uitgelig het, wat van kardinale belang is om reg oor die God van die Bybel te kan praat: a) Sekerheid (*assertio*) oor ons belydenis en die geloof in Christus is onlosmaaklik verbonde. Volgens Luther het Christene vreugde aan verbindende uitsprake. Hulle hou met ander woorde, sonder enige verleentheid, langdurig vas aan bepaalde uitsprake. Om hierdie rede verwerp Luther Erasmus se skeptisisme. Volgens hom is geloof 'n gawe van die Heilige Gees, en die Heilige Gees is nie 'n skeptikus nie. b) Die sekerheid van die geloof berus op die helderheid (*claritas*) van die Skrif. Die helderheid bestaan daarin dat die Bybel onmiskenbaar oor Jesus Christus handel. Die weersprekende en onduidelike gedeeltes in die Bybel maak nie daarvan 'n duistere geskrif nie. Ten spyte van problematiese gedeeltes, kan die blye boodskap oor Jesus Christus nie verbloem word nie.

### **Die God van die Bybel**

Die God van die Bybel is 'n verborge God (*Deus absconditus*). Hy en sy wil kan nie werklik begryp word nie. Tóg kan hierdie verborge God ook geken, verstaan en liefgehe word, aangesien Hy hom volledig in Christus geopenbaar het. Dit is hierdie geopenbaarde God (*Deus revelatus*) wat ons aangaan. Danksy sy openbaring in Christus, waarvan die Skrif duidelik getuig, kan ons met sekerheid ons vertrouwe in Hom stel en oor Hom getuig. Luther het hierdie gedagtes in die volgende beroemde woorde saamgevat:

*'n Mens moet anders debat voer oor God en die wil van God, wat aan ons verkondig, aan ons geopenbaar, vir ons aangebied en deur ons vereer word, as die God wat nie verkondig, nie aangebied en nie vereer word nie. In soverre as wat God Homself verberg en nie deur ons geken kan word nie, gaan Hy ons nie aan nie. Die volgende woorde geld inderdaad: "Wat bokant ons is, gaan ons nie aan nie".*





Hiermee wil Luther sê dat 'n filosofiese spekulاسie oor God nie belangrik is nie. God is vir ons as mense slegs dán van belang wanneer Hy homself bekendmaak en ons Hom kan ken, vertrou en vereer. Anders gestel: Natuurlike kennis van God het geen waarde nie. Dit is slegs die Vader van Jesus Christus wat ons nadenke, gevoel en toewyding verdien. Om hierdie rede het Luther die teologie van die glorieryke God (*theologia gloriae*) beveg met die teologie van die God van die kruis (*theologia crucis*).

Hierdie tema van die verborge en geopenbaarde God is nie 'n randaangeleentheid nie. Dit kom regdeur sy teologie voor. Alreeds in sy eerste Psalmvoorlesings (1513) het hy op grond van Psalm 111 opmerkings oor hierdie tema gemaak. Hy wys daarop dat verborgenheid nie onsigbaarheid beteken nie en dat geopenbaardheid nie sigbaarheid beteken nie. Die kruis is vir almal sigbaar, maar dat God in en deur Jesus Christus, dáár aan die kruis, beslissend gehandel het, is slegs vir die geloof sigbaar. Geloof is daarom vir hom kennis van die Verborgene, en hierdie kennis het met die sekere wete te make dat God op 'n onverklaarbare wyse sy liefde en barmhartigheid bekend gemaak het. Ware en regte kennis van die verborge God is moontlik wanneer die ware betekenis van die kruis ontdek word, en hierdie ontdekking kan slegs plaasvind wanneer daar na die kerklike verkondiging geluister word.

Om op hierdie wyse oor God te praat, mag dalk na teoretiese haarklowery klink. Dit is egter vir die praktiese geloofslewe van kardinale belang. Dit kan geïllustreer word aan hand van die teodiseevraag – die vraag hoe God die bose kan toelaat; óf nog erger, of Hy nie dalk deur die bose werk nie? Luther verduidelik in sy geskrif *Oor die onwryheid van die wil* dat die teodiseeprobleem só problematies is omdat God se verborgenheid nie net te make het met die feit dat onverklaarbare dinge gebeur nie, maar dat God die slegte sowel as die goeie laat gebeur. Hy bewerk die dood, maar ook die lewe; die bose, maar ook die goeie (kyk Jes 45:7 en Am 3:6). God is verborge omdat die goeie wat Hy skenk, met die bose vermeng is; dat niks met ander woorde eenduidig sleg of goed is nie. Luther verwys in hierdie verband na Jakob se gestoei met die engel by die Jabbokdrif in Genesis 32.

Die vraag is: Kan ons hoegenaamd in God glo? Volgens Luther kan ons in God glo, maar dan nie in die verborge God wat ons vanuit die wêreldgebeure wil rekonstrueer nie, maar in die geopenbaarde God wat ons vanuit die kruis van Christus leer ken. Buite Christus om, kan God maklik as die duiwel self gesien word, maar vanuit Christus ken ons God as die liefdevolle, barmhartige Vader. Die “duiwel” is vir Luther die masker van die almagtige God in sy verskriklike verborgenheid. Die grootste aanvegting van die lewe is wanneer daar nie tussen God en die duiwel onderskei kan word nie. Hierdie geloofsworsteling kan

net oorkom word wanneer God verstaan word vanuit sy grondlose barmhartigheid wat Hy in Christus aan ons bekend gemaak het. Tot hierdie God kan ons bid; ons kan selfs teenoor Hom kla, met die wete dat Hy ons met sy Vaderlike liefde aanhoor.



## Martin Luther (1483-1546) en sy geskrifte

### Die regverdiging deur die geloof alleen

Luther-navorsers beweer dat die regverdiging deur die geloof alleen die middelpunt en grens van Luther se teologie is. Luther se pogings om die Nuwe Testament te verstaan en reg uit te lê, het daarom in 'n groot mate gedraai om die uitleg van tekste soos Romeine 3:21-31. Talle gelowiges het vandag net nie meer 'n aanvoeling vir die belangrikheid van hierdie tema nie. Daar word gemeen dat die Christelike godsdiens eerder neerkom op iets soos die ervaring van “sin en betekenis” of die ervaring van “geborgenskap”. Honderde teoloë het al pogings aangewend om vir moderne mense te verduidelik hoekom hierdie tema nie verswyg of verduister kan word nie. Sekerlik is hierdie pogings baie waardevol. In hierdie reeks stel ons egter vir Luther self aan die woord. Ek is oortuig dat wanneer 'n mens sy eie woorde lees, daar tog nuwe begrip ontstaan oor 'n saak wat dikwels vir mense duister mag wees.

#### Disputasies oor die regverdigingsleer

Luther het as professor twee groot verantwoordelikhede gehad, naamlik die aanbieding van lesings en die disputering van teologiese onderwerpe. Disputasies was kritiese gesprekke na aanleiding van 'n klomp stellings wat hy opgestel het. Hierdie kritiese gesprekke het aan hom die geleentheid gegee om sy menings in die openbaar voor te dra en te verdedig. Hy kon ook aan hand van hierdie kritiese gesprekke vasstel of iemand genoegsame kennis en insig gehad het om byvoorbeeld 'n doktorsgraad te verwerf. Ons gee aandag aan enkele disputasies in sy latere lewe.

Tussen 1535 en 1537 het hy meermale oor Romeine 3:28 gedisputeer. Sy stellings is beskikbaar onder die titel *Stellings vir vyf disputasies oor Romeine 3:28 / Thesen für fünf Disputationen über Römer 3:28* (WA 39, I, 40, 44-204). In die eerste disputasie grens hy hom af teen die Roomse teologie wat beweer dat geloof nie regverdig maak alvorens dit deur die liefde gestalte kry nie. Luther, daarenteen, beweer dat geloof in Christus ons volledig bevry van die sonde, bose en die dood. Geloof hoef nie deur die liefde aangevul te word nie. Wat Christus gedoen het, het Hy vir ons gedoen – en dit moet geglo word. Die liefde vloei voort uit die persoon wat glo. Die liefde help die persoon nie om tot geloof te kom nie.



Luther onderskei daarom twee tipes geloof: a) geloof wat ingegiet word deur die verkondiging van die evangelie en die werk van die Heilige Gees, en b) geloof wat verwerp word deur die loop van jare se liefdesdiens. Volgens Luther is daar 'n groot verskil tussen hierdie twee tipes geloof. Die Reformatoriese verstaan van geloof sê: Christus het gesterf – en dit is vir my. Die Skolastiese verstaan van geloof sê: Christus het gesterf – en dit is belangrike historiese inligting wat deur my liefdesywer 'n werklikheid gemaak moet word. Luther stel dat die geloof wat glo dat Christus alles vir my gedoen het, die *geloof is wat ons alleen regverdig, sonder die werke van die wet, deur God se barmhartigheid, wat aan ons deur die Christus-verkondiging meegedeel word.*

Wanneer Luther sy gedagtes saamvat in stellings 62-64, word dit duidelik dat regverdiging ten diepste oor die geloof in God se erbarming handel. Hy sê:

*Dat ons geregverdig is, het met God wat Hom erbarm te make, en nie met die mens wat daarna trag (om goed te doen nie). Wie werke volbring, mag heilig wees, wys wees, geregtigheid uitstraal, mag wees wat hy wil – wanneer die geloof egter ontbreek, bly hy onder die toorn van God en word verwerp. Hierdie uitspraak geld: Hy erbarm Hom nie net oor enkele nie, maar oor alle mense: Alleen God se barmhartigheid is ons geregtigheid, en nie ons eie werke nie.*

Hierdie uitspraak van Luther verhelder die verborgenhede van die regverdigingsleer. Dit is alles heel eenvoudig: God is ons barmhartige Vader wat Hom oor ons ontferm. Hy het dit in Christus finaal en onteenseglik bewys. Ons moet net glo dat ons by hierdie belofte ingesluit is. Ons hoef Hom nie te probeer oortuig dat ons by sy barmhartigheid ingesluit behoort te word nie.

Luther het drie jaar voor sy dood weer 'n reeks stellings oor die regverdiging opgestel wat beskikbaar is (WA 39, II, 235-239) onder die titel *Oor die regverdigende geloof / De fide iustificante* (1543). Hierdie stellings was opgestel vir die doktorsale disputasies van die diaken Friedrich Bachofen en die student Hieronymus Nopp in Leipzig op 24 April. Die stellings handel ten diepste oor die verhouding tussen regverdiging en goeie werke – 'n tema wat net nie finaal en bevredigend uitgepluis kan word nie. In die eerste instansie verduidelik Luther dat geloof nie sonder die werke van die liefde kan wees nie. Om egter standhoudend liefdesdiens te verrig, is dit noodwendig dat die persoon deur die regverdiging vernuwe sal word. In die tweede instansie verduidelik Luther wat met geloof bedoel word. Hy stel dat daar 'n verskil is tussen geloof wat verwerp is en geloof wat toereken.

Al is die liefde, soos ons dit in 1 Korintiërs 13 vind, wesenlik belangrik, kan dit nie op dieselfde vlak met die geloof gestel word nie. *Die geloof in Christus bring die vergewing en die terminering van die sonde deur die Heilige Gees na vore, wat die ou mens met sy begeerlikhede kruisig en tot die ewebeeld van God vernuwe.* Die geloof kan egter nooit





sonder die liefde wees nie – nie as iets wat die geloof moet voltooi nie, maar as iets wat as vrug uit die geloof voortspruit. Om die verhouding tussen geloof en werke reg te verstaan, moet begryp word dat die regverdiging deur die geloof die voorwaarde vir ware liefde is. Ware liefde is onselfsugtige diens aan die naaste en nie 'n poging om guns by God en roem voor mense te verwerf nie. Liefde is trouens 'n baie moeilike saak aangesien mense deur haat en hoogmoed beheers word. Hierdie bose emosies en drange kan alleenlik oorkom word wanneer die persoon vernuwe word. Mense word vernuwe deur sondevergewing en bekleding deur die dinge van die toekomstige eeu – en dit is onder andere waarop regverdiging neerkom.

Volgens Luther word ons deur geloof in die kruisiging en opwekking van Christus geregverdig. Die implikasie is dat regverdigingspogings deur die wet (of regsontwikkeling) tevergeefs is. Dit beteken: Menslike voortreflikheid, hoe belangrik dit ook al mag wees, dra niks by tot aansien voor God nie. Geregtigheid word toegereken en nie verwerf nie. Geregtigheid is dus 'n geskenk wat ontvang moet word, en nie iets wat deur morele prestasie verdien word nie. Luther verduidelik in stellings 21 en 22 wat die sosiaal-etiese implikasies van die twee benaderings is. Mense wat deur morele voortreflikhede 'n reg op lewe wil verdien, gee voor dat toekomstige ongeregthede deur wetsontwikkeling verhinder kan word. In die morele ywer vir hierdie ideaal, word die ongeregthede van die verlede en dié van die hede onbevredigend hanteer. Volgens Luther, daarenteen, kan dié persoon wat sy reg op lewe ontvang (óf sy geregtigheid toegesê ontvang), afreken met die ongeregthede van die verlede, hede en toekoms. Daar word daarmee afgereken deur vergewing, leiding van die Gees en die beloftes van die toekomstige bedeling.

Volgens Luther verhinder die Nuwe-Testamentiese regverdigingsleer die neiging om teologie tot sosiale etiek te verlaag. Dat onreg so ver moontlik verwyder en verhinder moet word, is 'n saak van dringendheid. Die morele ywer om in die toekoms reg en geregtigheid te laat geskied, is prysenswaardig, maar dis nog nie geloof nie. Geloof ken die vergewing van die skuld van die verlede, die ywer om vandag verantwoordelik te lewe, en die vaste vertrouwe dat die volmaakte sonder ons toedoen gaan aanbreek. Geloof in die God wat regverdig verklaar, skeep gelatenheid teenoor die booshede van hierdie wêreld, aangesien die onreg nooit die mag van God se barmhartigheid sal oorwoeker nie.

## Martin Luther (1483-1546) en sy geskrifte

### Voorbereiding op die dood

Die laaste Sondag van die kerklike jaar (26 November in 2017) staan bekend as Ewigheidsondag. Op hierdie Sondag gee die kerk aandag aan die rouSMART van lidmate wat geliefdes deur die loop van die jaar aan die dood afgestaan het. Dit is ook 'n geleentheid waar lidmate hulself kan voorberei op hul eie naderende dood. Martin Luther het in 1519 'n verhandeling van 13 bladsye (te vinde in WA 2, 685-697) geskryf waarin hy advies gee oor hoe Christene hulle op die dood moet voorberei. Ten spyte van die feit dat Luther in daardie stadium van sy lewe nog vasgevang was binne die Roomse liturgiese praktyke, het hy alreeds tekens getoon van tipiese Reformatoriese denke. Hierdie verhandeling (of preek of traktaat) is een van Luther se diepsinnigste werke en verdien ons aandag. Al is ons 497 jaar van die ontstaan van hierdie teks verwyder, is die meeste van die teologiese argumente vir ons steeds van waarde.

#### ***'n Preek oor die voorbereiding op die sterwe Eyn Sermon von der Bereytung zum Sterben***

Op versoek van Markus Schart ('n amptenaar van 'n streeksregering) skryf Martin Luther in Oktober 1519 'n "preek" oor die voorbereiding op die dood. Hierdie "preek" (*sermone*) val as literatuursoort binne die raamwerk van "traktate" of "verhandelings". Dit is, met ander woorde, 'n kort teologiese besinning oor 'n bepaalde vraagstelling. Literatuur oor die kuns om te sterwe (*ars moriendi*) was algemeen beskikbaar. Luther se bydrae tot hierdie lewensuitdaging is daarom nie uniek nie, en staan binne 'n lang Middeleeuse tradisie. Die feit dat daar 21 herdrukke van hierdie 20 uitgebreide stellings tydens Luther se leeftyd geproduseer is, dui op die groot waardering wat predikante en lidmate vir Luther se insigte gehad het.

Luther begin sy advies aan lidmate om hul aardse besittings vroegtydig te verdeel, sodat daar nie ná die persoon se dood onderling getwis sal word nie. Verder vermaan hy hulle om betyds *geestelik afskeid te neem*. Dit beteken dat ander wat hulle beledig en te na gekom het, *vriendelik en opreg vergewe* moet word, as 'n laaste *daad van Christelike liefde*. Nadat daar van die mense rondom jou afskeid geneem is, moet daar geheel en al op God en sy dinge gekonsentreer word.





Volgens Luther behoort 'n gelowige uit te sien na die lewe ná die dood. Hy vergelyk dié lewe met 'n *nuwe geboorte*. Hy sien die aardse lewe as 'n *nou poort*, en die lewe saam met Christus as 'n *groot ruimte gevul met vreugde*. As voorbereiding op die nuwe lewe, behoort 'n Christen ware berou te betoon oor skuld en sonde, en te bid om vergewing. Om verseker te word van skuldvergewing, moet die gelowige Nagmaal ontvang. Die ontvangs van Nagmaal sal mense weerhou van 'n aanhoudende geworstel met hul skuldgevoelens en hulle verseker dat die drie groot krisisse van die lewe, naamlik sonde, dood en hel, nie meer in hul pad staan nie.

Volgens Luther leer 'n mens die krag van die sakramente ken wanneer jy die *teenkragte* ken waarteen die sakramente opgewasse is. Die eerste teenkrag is die *verskriklike beeld van die dood*, die tweede is die *menigvuldige beelde van die sonde*, en die derde is die *ondraaglike beeld van die hel of die verwerping*. Binne ons verbeeldingsvlugte is hierdie drie voorstellings van die werklikheid iets geweldig en daarom vrees ons die dood, aangesien ons by die dood met hierdie werklikhede in hul brutale verskrikking te make kry. Beskou vanuit die sakrament van die Nagmaal, is die dood, sonde en hel eintlik niks nie, aangesien dit reeds deur Christus van hul kamstige krag ontnem is. 'n Sterwende behoort glad nie met hierdie verskrikings te worstel nie.

*Die kuns [om te sterf] is om dit [naamlik die geworstel met die dood] geheel en al te laat en om jou glad nie daarmee te bemoei nie. Maar hoe is dit moontlik? Jy moet die dood vanuit [die perspektief van] die lewe, die sonde vanuit die [perspektief van die] genade en die hel vanuit die [perspektief van die] hemel beskou, en nie toelaat dat jy van hierdie perspektiewe weggedryf word nie.*

Luther verduidelik vir sy lesers dat daar geen rede bestaan om in ang en benoudheid te sterf nie, aangesien die genade en barmhartigheid van die Here veel sterker is as enige voorstelling van pyn, straf of verwerping wat op die sterfbed in die verbeelding mag opkom. Die beeld van die Nagmaal moet in die verbeelding van die sterwende opkom, aangesien hy of sy dan angeloos en rustig sal kan sterwe. Sterwendes behoort nie op hul eie sterwe te konsentreer nie, maar eerder op die sterwe van Christus, aangesien Christus se sterwe ons van ang en vrees bevry.

Luther raai die gelowiges aan om ook nie té veel met hul sonde op die sterfbed te stoei nie. Dink eerder aan die kruis, aangesien die kruis die heenwysing is na die genade en barmhartigheid van die Here! Dink eerder aan die genade as aan die sonde van jou bestaan! Oor die hel, óf die ewigheid van lyding óf die verwerping deur God, moet 'n sterwende ook nie begaan wees nie. Gelowiges moet beslis nie op die sterfbed bekommerd wees oor diegene wat nie uitverkies is nie; ook nie oor die moontlikheid dat hulle self dalk nie uitverkies is nie.



*Jy moet God laat wees, en Hom toelaat om méér van jouself te weet as wat jy ooit van jouself kan weet. Aanskou daarom die hemelse beeld van Christus; Hy wat ter wille van jou na die hel neergedaal het en dáár van God verlate was ... Sien in hierdie beeld jou eie hel as oorwonne en die onsekerheid oor jou eie uitverkiesing as uit die weg geruim ... Soek jouself slegs in Christus, en nie in jou eie nadenke nie, aangesien jy dan jou ewig in Hom sal vind ... Wanneer jy Christus en al die heiliges aanskou (wat uitverkies is), en vreugde in die genade van God vind, sal jy weet dat ook jy uitverkies is.*

Luther vat die belangrikheid van die Nagmaal vir sterwendes op die volgende wyse saam. Volgens hom word daar in hierdie sakrament vir ons die teken gegee

*dat Christus my dood in sy dood oorwin het, sy gehoorsaamheid my sonde in sy lyding verdolg het, sy liefde my hel in sy verlatenheid vernietig het ... Wie die sakrament met oorgawe ontvang, is seker dat hulle uitverkies is.*

Luther sluit sy betoeg oor die Nagmaal af met 'n interessante dog ongewone stuk vertroosting. Hy wys daarop dat gelowiges nie in alleenheid sterf nie. As deelnemers aan die Nagmaal is die oë van God, Christus, die engele, die heiliges en ander gelowiges op hulle gerig. Aan die Nagmaaltafel kyk ons mekaar in die oë, en ons oë bly op mekaar gerig, selfs deur die dood heen. Hierdie onophoudelike, nieverbale kommunikasie is 'n troosvolle element van die Nagmaal. As Nagmaalganger sterf jy nie alleen nie. Die Tafelgenote hou die oog op jou tot daar aangesit word aan die hemelse feesmaal.

Ten slotte beveel Luther aan dat 'n sterwende moet *bid* voordat die laaste asem uitgeblaas word. Die Christelike gebed staan in die lig van die amen – die sekere wete dat God jou gebed aanhoor. Wat deur God gehoor moet word, is jou *vreugde* oor sy genade en barmhartigheid in Christus, wat ook aan jou geskenk word. Die vreugde van die geloof, wat in die gebed tot uiting kom, verdryf die vrees vir die dood. Sonder die vrees vir die dood, kan ons met ons laaste woorde en gebare die Here *loof* vir sy genade. Sou ons kon, kan ons ook nog ons *liefde* vir die barmhartige Heer laat blyk. 'n Mens wat met lof en liefde op die lippe sterwe, het die evangelie gehoor en geglo!



## Martin Luther (1483-1546) en sy geskrifte

### Martin Luther en die derde artikel van die heiliging

Die predikante van ons ring het my versoek om op 'n pastorale wyse, vanuit Luther se teologie, met hulle te praat oor die nood wat hulle as predikante ervaar. Hierdie nood word geskep deur die spanning waarbinne hulle vasgevang is tussen voortgaande pligpleginge en toekomsangs. Aan die een kant moet hulle voortgaan om hulle gemeentelike verantwoordelikhede na te kom, en aan die ander kant word hulle gekonfronteer met die aanhoudende stroom inligting oor die agteruitgang van gemeentes. Hulle vraag is eenvoudig: Moet ons in die bediening bly en voortgaan om met hoop en vreugde die Woord te bedien, of is dit tyd om 'n ander beroep te betree? Ek is oortuig dat Luther bykans 500 jaar gelede uitsprake oor geloof en die kerk gemaak het wat vandag steeds van waarde kan wees.

#### Luther se uitleg van die derde artikel van die Apostolicum

In sy *Klein Kategismus* (1529) het Luther 'n goeie antwoord op die volgende vraag gegee: *Wat dit beteken om te glo in die Heilige Gees, die kerk, die gemeenskap van die heiliges, die vergewing van sondes, die opstanding en die ewige lewe. Amen?*

*Ek glo, dat ek nie op grond van eie redelike oortuigings (Vernunft) of krag aan Jesus Christus, my Here, kan glo of Hom kan nader nie (zu ihm kommen kann). Maar die Heilige Gees het my deur die evangelie geroep (berufen), met sy gawes verlig, in die regte geloof geheilig en bewaar, net soos Hy die ganse Christendom (Christenheit) op aarde roep, versamel, verlig, heilig en by Jesus Christus hou, in die een, [en] regte, geloof. Binne hierdie Christendom vergewe Hy my en alle gelowiges daaglik alle sondes ryklik, en sal op die jongste dag my en alle gestorwenes opwek, en my saam met alle gelowiges in Christus 'n ewige lewe gee. Dit is vir seker waar!*

#### Agtergrond oor en motiewe in die *Klein Kategismus*

Die *Klein Kategismus* is wêrelderfenisliteratuur. Miljoene katkisanter het in tientalle lande die evangelie aan die hand van hierdie boekie leer ken. Aanvanklik was die bedoeling nie om 'n katkisasieboek vir die



jeug te skryf nie, maar 'n handleiding vir predikante en gemeentelike leiers en familiehoofde.

Ná die gemeentelike visitasies in 1528 het Luther en Melanchthon besef dat 'n kategismus 'n dringende noodsaaklikheid was. Hulle het tydens die visitasies ontdek dat die predikante nie hulle werk behoorlik kan doen nie, aangesien hulle nie die evangelie (die samehangende boodskap van die Bybel) geken en verstaan het nie. Die oplossing was 'n kort leerboekie waarin die tien gebooe, die Onse Vader en die Apostolicum uitgelê word.

Ten spyte van die feit dat die Kategismus oorspronklik bedoel was as 'n leerboek vir predikante wat die Bybelse boodskap nie samehangend geken en verstaan het nie, is dit baie gou ook gebruik as materiaal vir kategese. Luther en sy volgelinge het besef dat die Reformasie slegs kan gedy wanneer die kinders en jongmense weet waaroor die "Christendom" handel. Hulle moes gewoon die basiese dinge van die Christelike godsdiens leer. Volgens Luther is mense wat nie die basiese dinge aangaande die Bybelse boodskap wil leer nie, nie bekeer nie. Daarteenoor het hy gesê: Mense wat die basiese dinge ken en verstaan, sal vra dat daar aan hulle Nagmaal bedien sal word. Ons sit met die situasie dat talle van ons katkisanter nie eens die eerste Nagmaalgeleentheid bywoon nie. Na aanleiding van Luther se argument moet ons aanvaar dat ons katkisanter niks ken en niks verstaan nie. Ons kategese is daarom 'n klaaglike mislukking.

Drie jaar voordat hy die Kategismus geskryf het, het hy in die voorrede tot die Duitse Mis (1526) 'n definisie van 'n kategismus gegee. Volgens hom is dit *onderrig, waardeur 'n mens heidene wat Christene wil word, leer en wys wat hulle moet glo, doen, laat en moet weet om met die Christendom mee te lewe* (WA 19,76,2-5). Hy weet dus dat die kategetiese stryd oor geloof en ongeloof gaan, en dat Christenskap iets totaal anders as 'n blote, goeie burgerlike bestaan is. Dit is waarskynlik hierdie punt wat ons nie voldoende begryp nie. Solank aflegging van geloofsbelydenis 'n kultuuraangeleentheid bly en ons nie besef dat dit hier ten diepste te make het met die stryd tussen geloof en ongeloof nie, gaan ons nie eens begin om ons eie kerklike problematiek te verstaan nie.

'n Laaste interessante opmerking: Die oorspronklike teks was in die "*niederdeutscher Sprache*" geskryf. Nie die Hoogduits van daardie tyd nie, maar wel die taal van die gewone, meestal ongeletterde, Duitser en Hollander. Dit is goed om te weet dat só 'n beroemde teks met die wortels van ons menswees te make het.

### **Die inhoud van hierdie artikel van die geloof**

Luther sê dat die stryd van die kerk die stryd tussen geloof en ongeloof is. Om hierdie rede moet ons weet wat geloof is en hoe dit tot stand





kom. Mense glo nie op grond van eie krag en insig nie. Die Heilige Gees wek geloof op grond van die verkondigde evangelie. Indien die predikant nie die evangelie ken nie, het die Heilige Gees niks om mee te werk nie! Aangesien talle predikante nie teologie wil lees nie, moet ons nie verbaas wees oor die verval van die Kerk nie. Sekerlik is daar baie eksterne faktore wat die kerklike verval aanhelp, maar ons as predikante moet aanvaar dat ons deel van die probleem is.

Die Heilige Gees roep op grond van die verkondigde evangelie 'n kerk byeen en hou dit by Christus deur die regte geloof – aldus Luther. Die bestaan en die voortbestaan van die kerk is nie in ons hande nie. Daarvoor sorg die Heilige Gees. Die kerk sal voortbestaan wanneer dit by Christus bly – en dit sal slegs by Christus bly wanneer daar reg geglo word. Regte geloof is byvoorbeeld nie magie nie. “Bid sodat die Here vir ons reën kan gee – dit het gereën omdat ons gebid het” lees ons in die kerklike sosiale media. Dalk moet die manne van die gemeente Luther se uitleg van die Onse Vader bestudeer sodat hulle kan leer hoe ons moet bid en nie moet bid nie.

Volgens Luther gaan Christenskap ten diepste om die beloftes van die Here ten opsigte van sondevergewing en nuwe lewe. Ware geloof glo die waarheid van hierdie beloftes. Die grootste ramp wat die Kerk getref het, is nie die dalende geboortesifer nie, maar die oortuiging dat ons in die Kerk nie met die waarheid te make het nie, dat die waarheid relatief is, dat die waarheid voorlopig is, dat ons nie werklik weet wat die waarheid is nie, ensovoorts. Ons kan eenvoudig nie meer Amen sê nie – en dit is die rede vir ons krisis. Wanneer ons nie meer wil sê *Dit is vir seker waar* nie, gaan geen kursus in praktiese kerkwees ons uit ons nood bevry nie. Predikante word aangemoedig om met hulle werk voort te gaan – onderhewig aan drie sake: Die Here hou sy kerk deur die verkondigde Woord en die werk van die Heilige Gees in stand. Ons moet sorg dat ons werk op die standaard is wat die Gees verwag. Ons moet glo dat ons met die waarheid te make het. As ons nie só wil glo en wil werk nie, is daar geen langtermynverwagting nie – en dán moet ons so gou moontlik ander werk gaan soek.

## Literatuurverwysings

### Primêre bronne

- Luther, M., [1517] [1883] 2006, 'Disputatio pro declaratione virtutis indulgentiarum', WA 1,233-238, nuut opgeneem in Schilling, J., (Hrsg.), 2006, *Martin Luther: Lateinisch-Deutsche Studienausgabe. Band 2. Christusglaube und Rechtfertigung*, pp. 1-15, Evangelischer Verlagsanstalt, Leipzig.
- Luther, M., [1517] 1883, 'Eynn Sermon von dem Ablass unnd gnade durch den würdigenn doctornn Martinum Luther Augustiner zu Wittenbergt', WA 1,243-246.
- Luther, M., [1518] [1883] 2006, 'Widmungsbrief an Johannes von Staupitz zu den "Resolutiones disputationum de indulgentiarum virtute" 30. Mai 1518', WA 1, 525-527, nuut opgeneem in J. Schilling, (Hrsg.), 2006, *Martin Luther: Lateinisch-Deutsche Studienausgabe. Band 2. Christusglaube und Rechtfertigung*, pp. 17-23, Evangelischer Verlagsanstalt, Leipzig.
- Luther, M., [1519] [1884] 2012, 'Ein Sermon von der Bereitung zum Sterben', WA 2,685-697, nuut opgeneem in D. Korsch, (Hrsg.), 2012, *Martin Luther: Deutsch-Deutsche Studienausgabe (DDStA 1). Band 1. Glaube und Leben*, pp. 48-73, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.
- Luther, M., [1519] [1888] 2006, 'Sententiae de Lege et Fide', WA 6, 24, nuut opgeneem in J. Schilling, (Hrsg.), 2006, *Martin Luther: Lateinisch-Deutsche Studienausgabe. Band 2. Christusglaube und Rechtfertigung*, pp. 88-89, Evangelischer Verlagsanstalt, Leipzig.
- Luther, M., [1519] [1884] 2012, 'Ein Sermon von der Betrachtung des heiligen Leidens Christi', WA 2,136-142, nuut opgeneem in D. Korsch, (Hrsg.), 2012, *Martin Luther: Deutsch-Deutsche Studienausgabe (DDStA 1). Band 1. Glaube und Leben*, pp. 30-43, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.
- Luther, M., [1520] [1897] 2012, 'Von der Freiheit eines Christenmenschen', WA 7, 20-38, nuut opgeneem in Korch, D., (Hrsg.), 2012, *Martin Luther: Deutsch-Deutsche Studienausgabe (DDStA 1). Band 1. Glaube und Leben*, pp. 277-315, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.
- Luther, M., [1520] [1897] 2006, 'Epistola Lutheriana ad Leonem Decimum summum pontificem. Tractatus de libertate christiana', WA 7, 42-73, nuut opgeneem in Schilling, J., (Hrsg.), 2006, *Martin Luther: Lateinisch-Deutsche Studienausgabe. Band 2. Christusglaube und Rechtfertigung*, pp. 101-185, Evangelischer Verlagsanstalt, Leipzig.





- Luther, M., [1520] [1887] 2006, 'Quaestrio, utrum opera faciant ad iustificationem', WA 7, 231-232, nuut opgeneem in Schilling, J., (Hrsg.), 2006, *Martin Luther: Lateinisch-Deutsche Studienausgabe. Band 2. Christusglaube und Rechtfertigung*, pp. 97-99, Evangelischer Verlagsanstalt, Leipzig.
- Luther, M., [1520] [1888] 2012, 'Von den guten Werken', WA 6, 202-276, nuut opgeneem in D. Korsch, (Hrsg.), 2012, *Martin Luther: Deutsch-Deutsche Studienausgabe (DDStA 1). Band 1. Glaube und Leben*, pp. 104-253, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.
- Luther, M., [1522] [1910] 2012, 'Ein kleiner Unterricht, was man in den Evangelien suchen und erwarten soll', WA 10,I,8-18, nuut opgeneem in D. Korsch, (Hrsg.), 2012, *Martin Luther: Deutsch-Deutsche Studienausgabe (DDStA 1). Band 1. Glaube und Leben*, pp. 485-499, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.
- Luther, M., [1525] [1908] 2006, 'De servo arbitrio', WA 18, 600-787, nuut opgeneem in W. Härle, (Hrsg.), 2006, *Martin Luther: Lateinisch-Deutsche Studienausgabe, Band 1, Der Mensch vor Gott, Unter Mitarbeit von Michael Beyer*, pp. 219-661, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.
- Luther, M., [1528] [1909] 2012, 'Vom Abendmahl Christi. Bekenntnis', WA 26, 241-509, laaste gedeelte nuut opgeneem in D. Korsch (Hg.), 2012, *Martin Luther: Deutsch-Deutsche Studienausgabe (DDStA 1). Band 1. Glaube und Leben*, pp. 551-569, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.
- Luther, M., [1529] [1910] 2012, 'Der kleine Katechismus für die gemeine Pfarherr und Prediger' WA 30, 264-326, nuut opgeneem in D. Korsch (Hg.), 2012, *Martin Luther: Deutsch-Deutsche Studienausgabe (DDStA 1). Band 1. Glaube und Leben*, pp. 574-597, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.
- Luther, M., [1532] [1909] 1991, 'Predigt 31. März 1532 (nachmittags am Ostertag) über Osternacht', WA 36, 159-164, nuut opgeneem in Luther Deutsch, 1991, *Die Werke Luthers in Auswahl, Hg. von Kurt Aland, Band 8: Die Predigten*, pp. 176-183, Vandenhoeck Ruprecht, Göttingen. (Uni-Tschenbücher 1656).
- Luther, M., [1535-1537] [1926] 2006, 'Thesen für fünf Disputationen über Römer 3,28', WA 39, I, 44-53; 82-86; 202-204, nuut opgeneem in J. Schilling, (Hrsg.), 2006, *Martin Luther: Lateinisch-Deutsche Studienausgabe. Band 2. Christusglaube und Rechtfertigung*, pp. 401-441, Evangelischer Verlagsanstalt, Leipzig.
- Luther, M., [1539] [1932] 2006, 'Verbum caro factum est', WA 39, II, 3-5, nuut opgeneem in Schilling, J., (Hrsg.), 2006, *Martin Luther: Lateinisch-Deutsche Studienausgabe. Band 2. Christusglaube und Rechtfertigung*, pp. 461-467, Evangelischer Verlagsanstalt, Leipzig.
- Luther, M., [1539] [1914] 2012, 'Vorrede zum ersten Band der Wittenberger Ausgabe der deutschen Schriften', WA 50, 657-661,





nuut opgeneem in D. Korsch, (Hrsg.), 2012, *Martin Luther: Deutsch-Deutsche Studienausgabe (DDStA 1). Band 1. Glaube und Leben*, pp. 656-669, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

- Luther, M., [1540] [1932] 2006, 'De divinitate et humanitate Christi', WA 39,II,93-96, nuut opgeneem in Schilling, J., (Hrsg.), 2006, *Martin Luther: Lateinisch-Deutsche Studienausgabe. Band 2. Christusglaube und Rechtfertigung*, pp. 469-4479, Evangelischer Verlagsanstalt, Leipzig.
- Luther, M., [1543] [1932] 2006, 'De fide iustificante', WA 39, II, 235-239, nuut opgeneem in J. Schilling, (Hrsg.), 2006, *Martin Luther: Lateinisch-Deutsche Studienausgabe. Band 2. Christusglaube und Rechtfertigung*, pp. 481-489, Evangelischer Verlagsanstalt, Leipzig.
- Luther, M., [1545] [1928] 2006, 'Vorrede zum ersten Band der lateinischen Schriften der Wittenberger Luther-Ausgabe' (1545), WA 54,179-187. Nuut opgeneem in J. Schilling, (Hrsg.), 2006, *Martin Luther: Lateinisch-Deutsche Studienausgabe. Band 2. Christusglaube und Rechtfertigung*, pp. 491-509, Evangelischer Verlagsanstalt, Leipzig.
- Melancthon, P., [1521] 1997, *Loci Communes*. Lateinisch - Deutsch. Übersetzt von H.G. Pöhlmann, Hrsg vom Lutherischen Kirchenamt der VELKD. 2. Aufl., Gütersloher Verlagshaus, Gütersloh.
- Weinacht, H., (hrsg.), 2008, *Melancthon und Luther. Merkmale einer Kirchenreform. Martin Luthers Lebensbeschreibung durch Philipp Melancthon*, Zürich.

### **Sekondêre literatuur**

- Kohnle, A, 2015, *Martin Luther: Reformator, Ketzer, Ehemann*, Evangelische Verlagsanstalt (SCM), Leipzig.
- Leppin, V., [2006] 2010a, *Martin Luther*, 2., durchgesehene, aktualisierte Auflage, Wissenschaftliche Buchgesellschaft, Darmstadt. (Gestalten des Mittelalters und der Renaissance, Herausgegeben von Peter Herde).
- Leppin, V., 2016, *Die fremde Reformation: Luthers mystische Wurzeln*, Verlag CH Beck, München.
- Rûger, R., (hrsg.) 2016, *Die Marktkirche Unser Lieben Frauen in Halle / Saale*, F&W Mediencenter, Kienberg.